

**BUITENGEWONE**



**EXTRAORDINARY**

# Staatskoerant

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

# Government Gazette

**THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

**VOL. III.]      PRYS 5c      KAAPSTAD, 16 MAART 1962.      PRICE 5c      [No. 202.]**  
**CAPE TOWN, 16TH MARCH, 1962.**

**DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.**

No. 432.]      [16 Maart 1962.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

	BLADSY
No. 14 van 1962: Wet op Bewyslewering, 1962 ..	2
No. 15 van 1962: Wet op Strafbedinge, 1962 ..	6
No. 16 van 1962: Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962 ..	8
No. 17 van 1962: Gedeeltelike Begrotingswet, 1962 ..	14
No. 18 van 1962: Heraldiekwet, 1962 ..	16
No. 19 van 1962: Wysigingswet op Nasionale Paaie en die Koördinerings van Vervoer, 1962 ..	32
No. 20 van 1962: Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1962 ..	40
No. 21 van 1962: Wet op Beskerming van Statutêre Pensioene, 1962 ..	46
No. 22 van 1962: Wolwysigingswet, 1962 ..	48
No. 23 van 1962: Wolkommissie-wysigingswet, 1962 ..	52
No. 24 van 1962: Wysigingswet op Nasionale Parke, 1962 ..	54
No. 25 van 1962: Addisionele Begrotingswet, 1962 ..	56
No. 26 van 1962: Wet op Ongemagtigde Uitgawes (1960-'61), 1962 ..	60

**DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.**

No. 432.]      [16th March, 1962.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

	PAGE
No. 14 of 1962: Evidence Act, 1962 ..	3
No. 15 of 1962: Conventional Penalties Act, 1962 ..	7
No. 16 of 1962: Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1962 ..	9
No. 17 of 1962: Part Appropriation Act, 1962 ..	15
No. 18 of 1962: Heraldry Act, 1962 ..	17
No. 19 of 1962: National Roads and Transport (Co-ordination) Amendment Act, 1962 ..	33
No. 20 of 1962: Railways and Harbours Additional Appropriation Act, 1962 ..	41
No. 21 of 1962: Statutory Pensions Protection Act, 1962 ..	47
No. 22 of 1962: Wool Amendment Act, 1962 ..	49
No. 23 of 1962: Wool Commission Amendment Act, 1962 ..	53
No. 24 of 1962: National Parks Amendment Act, 1962 ..	55
No. 25 of 1962: Additional Appropriation Act, 1962 ..	57
No. 26 of 1962: Unauthorised Expenditure (1960-'61) Act, 1962 ..	61

No. 14, 1962.]

**WET****Tot wysiging van die regsbepalings met betrekking tot die toelaatbaarheid van dokumentêre getuienis.***(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 5 Maart 1962.)***DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordbepalings.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

- (i) „dokument” ook enige boek, kaart, plan, tekening of portret; (i)
- (ii) „Republiek” ook die gebied Suidwes-Afrika; (ii)
- (iii) „verklaring” ook enige feitlike voorstelling, hetsy in woorde of andersins gedoen. (iii)

Toelaatbaarheid van dokumentêre getuienis in verband met bestrede feite.

2. (1) By 'n siviele geding waar regstreekse mondelinge getuienis van 'n feit toelaatbaar sou wees, is enige verklaring wat deur iemand in 'n dokument gemaak is en wat tot stawing van daardie feit strek, by oorlegging van die oorspronklike dokument toelaatbaar as getuienis van daardie feit, mits—

- (a) die persoon wat die verklaring gemaak het, òf—
  - (i) persoonlike kennis gedra het van die aangeleenthede waarvoor die verklaring gaan; òf
  - (ii) waar die betrokke dokument 'n aantekening is of deel van 'n aantekening uitmaak wat 'n lopende aantekening heet te wees, die verklaring (vir sover die aangeleenthede waarvoor dit gaan nie binne sy persoonlike kennis is nie) gemaak het by die uitvoering van 'n plig om inligting aan te teken wat aan hom verstrekkend is deur iemand wat persoonlike kennis van daardie aangeleenthede gedra het of redelikerwys veronderstel kon geword het persoonlike kennis daarvan te dra; en

(b) die persoon wat die verklaring gemaak het as 'n getuie in die geding opgeroep word, tensy hy oorlede is of vanweë sy liggaamlike of geestestoestand onbekwaam is om as 'n getuie te verskyn of buite die Republiek is en dit nie redelikerwys doenlik is om sy verskyning te verkry nie of alle redelike pogings om hom te vind vrugtelos geblyk het.

(2) Die hof kan by 'n siviele geding, indien hy met inagneming van al die omstandighede van die geval oortuig is dat daar anders buitensporige vertraging of onkoste veroorsaak sou word, 'n verklaring soos in sub-artikel (1) bedoel as getuienis by daardie geding toelaat—

- (a) ondanks die feit dat die persoon wat die verklaring gemaak het, beskikbaar is maar nie as 'n getuie opgeroep word nie;
- (b) al word die oorspronklike dokument nie oorgelê nie, indien in plaas daarvan 'n afskrif van die oorspronklike dokument of van die ter sake dienende deel daarvan oorgelê word wat bewys word 'n ware afskrif te wees.

(3) Geen bepaling in hierdie artikel maak 'n verklaring as getuienis toelaatbaar nie wat deur 'n belanghebbende persoon gemaak is op 'n tydstip toe verrigtinge hangende of verwag was met betrekking tot 'n geskil oor enige feit wat daardie verklaring mag dien om te staaf.

(4) 'n Verklaring in 'n dokument word nie by die toepassing van hierdie artikel geag deur iemand gemaak te gewees het nie, tensy die dokument of die ter sake dienende deel daarvan deur hom eiehandig geskryf, gemaak of daargestel is of deur hom onderteken of geparafeer is of andersins skriftelik deur hom erken is as een vir die juistheid waarvan hy verantwoordelik is.

(5) Ten einde te beslis of 'n verklaring uit hoofde van die voorgaande bepalings as getuienis toelaatbaar is al dan nie, kan die hof enige redelike afleiding maak van die vorm of inhoud van die dokument waarin die verklaring vervat is of van enige ander omstandighede, en kan hy by 'n beslissing oor die vraag of iemand in staat is om as 'n getuie te verskyn al dan nie, op grond van die sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer handel.

No. 14, 1962.]

# ACT

To amend the law relating to the admissibility of documentary evidence.

(Afrikaans text signed by the State President.)  
(Assented to 5th March, 1962.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates— **Definitions.**

- (i) "document" includes any book, map, plan, drawing or photograph; (i)
- (ii) "Republic" includes the territory of South-West Africa; (ii)
- (iii) "statement" includes any representation of fact, whether made in words or otherwise. (iii)

2. (1) In any civil proceedings where direct oral evidence of a fact would be admissible, any statement made by a person in a document and tending to establish that fact shall on production of the original document be admissible as evidence of that fact, provided— **Admissibility of documentary evidence as to facts in issue.**

- (a) the person who made the statement either—
  - (i) had personal knowledge of the matters dealt with in the statement; or
  - (ii) where the document in question is or forms part of a record purporting to be a continuous record, made the statement (in so far as the matters dealt with therein are not within his personal knowledge) in the performance of a duty to record information supplied to him by a person who had or might reasonably have been supposed to have personal knowledge of those matters; and
- (b) the person who made the statement is called as a witness in the proceedings unless he is dead or unfit by reason of his bodily or mental condition to attend as a witness or is outside the Republic and it is not reasonably practicable to secure his attendance or all reasonable efforts to find him have been made without success.

(2) The court may in any civil proceedings, if having regard to all the circumstances of the case it is satisfied that undue delay or expense would otherwise be caused, admit such a statement as is referred to in sub-section (1) as evidence in those proceedings—

- (a) notwithstanding that the person who made the statement is available but is not called as a witness;
- (b) notwithstanding that the original document is not produced, if in lieu thereof there is produced a copy of the original document or of the material part thereof proved to be a true copy.

(3) Nothing in this section shall render admissible as evidence any statement made by a person interested at a time when proceedings were pending or anticipated involving a dispute as to any fact which the statement might tend to establish.

(4) A statement in a document shall not for the purposes of this section be deemed to have been made by a person unless the document or the material part thereof was written, made or produced by him with his own hand, or was signed or initialled by him or otherwise recognized by him in writing as one for the accuracy of which he is responsible.

(5) For the purpose of deciding whether or not a statement is admissible as evidence by virtue of the foregoing provisions, the court may draw any reasonable inference from the form or contents of the document in which the statement is contained or from any other circumstances, and may in deciding whether or not a person is fit to attend as a witness act on a certificate of a registered medical practitioner.

Waarde aan volgens hierdie Wet toelaatbare getuienis geheg te word.

3. (1) Ten einde die bewyskrag (as daar is) te bepaal wat toegewys moet word aan 'n verklaring wat ingevolge hierdie Wet as getuienis toelaatbaar is, moet rekening gehou word met al die omstandighede waaruit redelikerwys enige afleiding gemaak kan word met betrekking tot die juistheid van die verklaring of andersins, en insonderheid met die vraag of die verklaring ten tyde van die gebeurtenis of bestaan van die aangegeve feite gemaak was al dan nie, en met die vraag of daar by die persoon wat die verklaring gemaak het enige dryfveer bestaan het om feite te verberg of verkeerd voor te stel al dan nie.

(2) 'n Verklaring wat ingevolge hierdie Wet as getuienis toelaatbaar is, word nie vir die doeleindes van enige regsreël of reël van die regspraktyk wat die staving van getuienis vereis of die wyse bepaal waarop in verband met ongestaafde getuienis gehandel moet word, beskou as staving van getuienis afgelê deur die persoon wat die verklaring gemaak het nie.

Bewys van instrument vir geldigheid waarvan attesterende vereis word.

4. By 'n regsgeleding kan 'n instrument vir die geldigheid waarvan attesterende nodig is, in plaas van deur 'n attesterende getuie bewys te word, op die wyse bewys word waarop dit bewys sou kon word indien geen attesterende getuie in lewe was nie: Met dien verstande dat die bepalinge van hierdie artikel nie op die bewys van testamente of testamentêre geskrifte van toepassing is nie.

Vermoedens in verband met dokumente wat twintig jaar oud is.

5. By 'n regsgeleding word in die geval van 'n dokument wat volgens bewys minstens twintig jaar oud is of so oud heet te wees, enigiets vermoed wat onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie Wet vermoed sou gewees het in die geval van 'n dokument van soortgelyke aard wat volgens bewys minstens dertig jaar oud was of gheet het so oud te wees.

Voorbehoude.

6. Geen bepaling van hierdie Wet—

(a) maak inbreuk nie op die toelaatbaarheid van getuienis wat afgesien van die bepalinge van hierdie Wet toelaatbaar sou gewees het; of

(b) maak dokumentêre getuienis aangaande enige verklaring rakende 'n aangeleentheid wat op afstamming betrekking het, toelaatbaar nie, indien daardie verklaring nie as getuienis toelaatbaar sou gewees het indien hierdie Wet nie aangeneem was nie.

Toepassing van Wet.

7. Hierdie Wet is ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing.

Kort titel.

8. Hierdie Wet heet die Wet op Bewyslewering, 1962.

3. (1) In estimating the weight, if any, to be attached to a statement admissible as evidence under this Act, regard shall be had to all the circumstances from which any inference can reasonably be drawn as to the accuracy or otherwise of the statement, and in particular to the question whether or not the statement was made contemporaneously with the occurrence or existence of the facts stated, and to the question whether or not the person who made the statement had any incentive to conceal or misrepresent facts.

Weight to be attached to evidence admissible under this Act.

(2) A statement admissible as evidence under this Act shall not, for the purpose of any rule of law or practice requiring evidence to be corroborated or regulating the manner in which uncorroborated evidence is to be treated, be treated as corroboration of evidence given by the person who made the statement.

4. In any legal proceedings an instrument to the validity of which attestation is requisite may, instead of being proved by an attesting witness, be proved in the manner in which it might be proved if no attesting witness were alive: Provided that nothing in this section contained shall apply to the proof of wills or other testamentary writings.

Proof of instrument to validity of which attestation is necessary.

5. There shall in any legal proceedings, in the case of a document proved or purporting to be not less than twenty years old, be made any presumption which immediately before the commencement of this Act would have been made in the case of a document of like character proved or purporting to be not less than thirty years old.

Presumptions as to documents twenty years old.

6. Nothing in this Act shall—

Savings.

- (a) prejudice the admissibility of any evidence which would apart from the provisions of this Act be admissible; or
- (b) render admissible documentary evidence as to any declaration relating to a matter of pedigree, if that declaration would not have been admissible as evidence if this Act had not been passed.

7. This Act shall apply also in the territory of South-West Africa.

Application of Act.

8. This Act shall be called the Evidence Act, 1962.

Short Title.

# WET

**Om vir die afdwingbaarheid van strafbedinge, met inbegrip van bedinge wat op vooruitberamings van skade berus, en van verbeuringsbedinge voorsiening te maak.**

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 5 Maart 1962.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Strafbedinge weens kontrakbreuk is afdwingbaar.

1. (1) 'n Beding, hieronder 'n strafbeding genoem, waarby bepaal word dat iemand weens 'n doen of late in stryd met 'n kontraktuele verpligting, aanspreeklik is om ten bate van 'n ander persoon, hieronder 'n skuldeiser genoem, 'n geldsom te betaal of enigiets te lewer of te presteer, hetsy by wyse van straf of as gelikwildeerde skadevergoeding, kan, behoudens die bepaling van hierdie Wet, in 'n bevoegde hof afdwing word.

(2) 'n Bedrag vir die betaling of enigiets vir die lewering of prestering waarvan iemand aldus aanspreeklik mag word, word in hierdie Wet 'n strafbedrag genoem.

Verbod op kumulاسie van regsmiddels en beperking op verhaal van strafbedrae weens gebreke of versuim.

2. (1) 'n Skuldeiser is nie geregtig om ten opsigte van 'n doen of late wat die onderwerp van 'n strafbeding is, beide die strafbedrag en skadevergoeding, of, behalwe waar die betrokke kontrak uitdruklik aldus bepaal, skadevergoeding in plaas van die strafbedrag te verhaal nie.

(2) Iemand wat gebrekkige of nie-tydige prestasie aanvaar of moet aanvaar, is nie geregtig om 'n strafbedrag weens die gebrek of versuim te verhaal nie, tensy die straf uitdruklik vir daardie gebrek of versuim beding is.

Vermindering van buitensporige strafbedrag.

3. Indien dit by die verhoor van 'n eis om 'n strafbedrag vir die hof blyk dat daardie bedrag buite verhouding is tot die nadeel deur die skuldeiser gely weens die doen of late ten opsigte waarvan die straf beding is, kan die hof die strafbedrag verminder in die mate wat hy onder die omstandighede billik ag: Met dien verstande dat die hof by die bepaling van die omvang van bedoelde nadeel nie slegs die skuldeiser se vermoënsbelange in ag neem nie, maar ook enige ander regmatige belang wat deur die betrokke doen of late geraak word.

Bepalings insake strafbedinge ook vir verbeuringsbedinge van toepassing.

4. 'n Beding waarby bepaal word dat waar 'n party by 'n ooreenkoms hom onder daarin gemelde omstandighede daaraan onttrek, 'n ander party daarby die reg verbeur om restitusie te eis ten opsigte van enigiets wat hy ingevolge die ooreenkoms gepresteer het, of ondanks die onttrekking aanspreeklik bly om enigiets daaronder te presteer, geld in die mate en onderworpe aan die voorwaardes in artikels *een* tot en met *drie* voorgeskryf, asof dit 'n strafbeding is.

Wet geld nie vir ooreenkomste wat aan Wet 36 van 1942 onderworpe is nie.

5. Die bepalinge in hierdie Wet vervat geld nie met betrekking tot 'n kontrak waarop die bepalinge van die Wet op Huurkoop, 1942, of van die Huurkoopordonnansie, 1942, van Suidwes-Afrika, van toepassing is nie.

Toepassing in Suidwes-Afrika.

6. Hierdie Wet is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika.

Kort titel.

7. Hierdie Wet heet die Wet op Strafbedinge, 1962.

No. 15, 1962.]

# ACT

To provide for the enforceability of penalty stipulations, including stipulations based on pre-estimates of damage, and of forfeiture clauses.

(English text signed by the State President.)  
(Assented to 5th March, 1962.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. (1) A stipulation, hereinafter referred to as a penalty stipulation, whereby it is provided that any person shall, in respect of an act or omission in conflict with a contractual obligation, be liable to pay a sum of money or to deliver or perform anything for the benefit of any other person, hereinafter referred to as a creditor, either by way of a penalty or as liquidated damages, shall, subject to the provisions of this Act, be capable of being enforced in any competent court.

Stipulations for penalties in case of breach of contract to be enforceable.

(2) Any sum of money for the payment of which or anything for the delivery or performance of which a person may so become liable, is in this Act referred to as a penalty.

2. (1) A creditor shall not be entitled to recover in respect of an act or omission which is the subject of a penalty stipulation, both the penalty and damages, or, except where the relevant contract expressly so provides, to recover damages in lieu of the penalty.

Prohibition on cumulation of remedies and limitation on recovery of penalties in respect of defects or delay.

(2) A person who accepts or is obliged to accept defective or non-timeous performance shall not be entitled to recover a penalty in respect of the defect or delay, unless the penalty was expressly stipulated for in respect of that defect or delay.

3. If upon the hearing of a claim for a penalty, it appears to the court that such penalty is out of proportion to the prejudice suffered by the creditor by reason of the act or omission in respect of which the penalty was stipulated, the court may reduce the penalty to such extent as it may consider equitable in the circumstances: Provided that in determining the extent of such prejudice the court shall take into consideration not only the creditor's proprietary interest, but every other rightful interest which may be affected by the act or omission in question.

Reduction of excessive penalty.

4. A stipulation whereby it is provided that upon withdrawal from an agreement by a party thereto under circumstances specified therein, any other party thereto shall forfeit the right to claim restitution of anything performed by him in terms of the agreement, or shall, notwithstanding the withdrawal, remain liable for the performance of anything thereunder, shall have effect to the extent and subject to the conditions prescribed in sections one to three, inclusive, as if it were a penalty stipulation.

Provisions as to penalty stipulations also apply in respect of forfeiture stipulations.

5. Nothing in this Act contained shall apply with reference to any contract to which the provisions of the Hire Purchase Act, 1942, or of the Hire-Purchase Ordinance, 1942, of South-West Africa, apply.

Act not applicable with reference to agreements subject to Act 36 of 1942.

6. This Act shall apply also in the territory of South-West Africa.

Application in South-West Africa.

7. This Act shall be called the Conventional Penalties Act, 1962.

Short title.

# WET

## Tot wysiging van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 7 Maart 1962.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 21 van 1940, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 22 van 1944 en artikel 1 van Wet 28 van 1952.

1. Artikel *een* van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van „raad” deur die volgende omskrywing te vervang:

„„raad” die Nasionale Vervoerkommissie benoem kragtens artikel *drie* van die Wet op die Koördinerings van Vervoer, 1948 (Wet No. 44 van 1948);”.

Wysiging van artikel 2 van Wet 21 van 1940.

2. Artikel *twee* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in paragraaf (a) van die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (1) die woorde „of op die daarby behorende werf” te skrap;

(b) deur paragraaf (b) van genoemde voorbehoudsbepaling te skrap;

(c) deur in sub-artikel (4) na die woord „word”, waar dit die eerste maal voorkom, die volgende woorde in te voeg: „of ’n advertensie wat by die inwerking-treding van die Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962, wettiglik vertoon word;”;

(d) deur sub-artikel (5) te skrap.

Wysiging van artikel 9 van Wet 21 van 1940.

3. Artikel *nege* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in sub-artikel (1) die uitdrukking „sub-artikel (2)” deur die woorde „artikel *nege bis*” te vervang;

(b) deur in genoemde sub-artikel na die woord „bouwerk”, waar dit die eerste maal voorkom, die woorde „of enigiets anders” in te voeg;

(c) deur in genoemde sub-artikel na die woorde „uit nie” die woorde „of enigiets onder of benede enige grond” in te voeg;

(d) deur in genoemde sub-artikel die woorde „oprig tot die oprigting daarvan vergunning verleen nie” te vervang deur die woorde: „oprig, aanbring of aanlê of vergunning daartoe verleen, of enige verandering aan of toevoeging tot die struktuur van so ’n bouwerk of so iets aldus geleë, aanbring of vergunning daartoe verleen nie”;

(e) deur paragraaf (c) van genoemde sub-artikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(c) ’n bouwerk of enigiets anders wat opgerig, aangebring of aangelê is in ’n stadsgebied of op, onder of benede ’n erf of perseel in ’n dorp;”;

(f) deur in paragraaf (e) van genoemde sub-artikel die woord „plaasbouwerk” deur die woorde „bouwerk of enigiets anders op ’n plaas” te vervang;

(g) deur na paragraaf (e) van genoemde sub-artikel die volgende paragraaf in te voeg:

„(f) die voltooiing van die oprigting, aanbring, aanlê of verandering van of ’n toevoeging tot ’n bouwerk of enigiets anders wat wettiglik vóór die inwerking-treding van die Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962, begin is;”;

(h) deur in genoemde sub-artikel die woorde „oprigting van ’n bouwerk” te vervang deur die woorde „doen van enigiets”;

(i) deur sub-artikel (2) te skrap;

(j) deur in sub-artikel (3) na die woord „bouwerk” die woorde „of ander voorwerp of verandering of toevoeging” in te voeg;

(k) deur in genoemde sub-artikel die woorde „opgerig mag word” te vervang deur die woorde „opgerig, aangebring of aangelê kan word en watter verpligtinge deur die eienaar van die betrokke grond nagekom moet

No. 16, 1962.]

# ACT

## To amend the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940.

(Afrikaans text signed by the State President.)  
(Assented to 7th March, 1962.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section *one* of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "board" of the following definition:
 

"board" means the National Transport Commission appointed under section *three* of the Transport (Co-ordination) Act, 1948 (Act No. 44 of 1948);"

Amendment of section 1 of Act 21 of 1940, as amended by section 11 of Act 22 of 1944 and section 1 of Act 28 of 1952.
2. Section *two* of the principal Act is hereby amended—
 

Amendment of section 2 of Act 21 of 1940.

  - (a) by the deletion in paragraph (a) of the proviso to sub-section (1) of the words "or on the curtilage appertaining thereto";
  - (b) by the deletion of paragraph (b) of the said proviso;
  - (c) by the insertion in sub-section (4), after the word "Act", of the words "or an advertisement which is being displayed lawfully at the commencement of the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1962,"; and
  - (d) by the deletion of sub-section (5).
3. Section *nine* of the principal Act is hereby amended—
 

Amendment of section 9 of Act 21 of 1940.

  - (a) by the substitution in sub-section (1) for the expression "sub-section (2)" of the words "section *nine bis*";
  - (b) by the insertion in the said sub-section after the word "structure", where it occurs for the first time, of the words "or any other thing";
  - (c) by the insertion in the said sub-section after the word "land", where it occurs for the second time, of the words "or construct or lay or permit the construction or laying of anything under or below the surface of any land";
  - (d) by the insertion in the said sub-section after the word "road", where it occurs for the second time, of the words "or make or permit to be made any structural alteration or addition to any such structure or thing so situated";
  - (e) by the substitution for paragraph (c) of the said sub-section of the following paragraph:
 

"(c) a structure or other thing erected, constructed or laid in an urban area or on, under or below an erf or lot in a township;"
  - (f) by the insertion in paragraph (e) of the said sub-section, after the word "structure", of the words "or thing";
  - (g) by the insertion after paragraph (e) of the said sub-section of the following paragraph:
 

"(f) the completion of the erection, construction, laying or alteration of or any addition to any structure or other thing lawfully commenced prior to the commencement of the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1962;"
  - (h) by the substitution in the said sub-section for the words "erection of a structure" of the words "doing of anything";
  - (i) by the deletion of sub-section (2);
  - (j) by the insertion in sub-section (3) after the word "structure", where it occurs for the first time, of the words "or other thing or alteration or addition";
  - (k) by the substitution in the said sub-section for the words "may be erected" of the words "or other thing or alteration or addition may be erected, constructed, laid or made and the obligations to be fulfilled by

word indien sodanige bouwerk of ander voorwerp of verandering of toevoeging opgerig, aangebring of aangelê word”;

(l) deur na sub-artikel (3) die volgende sub-artikels in te voeg:

„(3)bis Indien 'n verpligting om 'n bouwerk of 'n ander voorwerp te verwyder aldus voorgeskryf word, moet die betrokke Registrateur van Aktes op die skriftelike versoek van die betrokke beherende gesag sodanige verpligting op die titelbewys van die betrokke grond en in die toepaslike registers aanteken.

(3)ter. Die koste om so 'n verpligting aldus aan te teken, moet gedra word deur hom aan wie die betrokke vergunning verleen is ingevolge sub-artikel (3), en die betrokke beherende gesag kan nakoming van 'n verpligting aldus aangeteken, afdwing.

(3)quat. Die bepalings van sub-artikels (8) en (9) van artikel *elf* is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n verpligting aldus aangeteken.”;

(m) deur sub-artikel (4) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(4) Wanneer 'n bouwerk of ander voorwerp of 'n verandering of toevoeging in stryd met sub-artikel (1) opgerig, aangebring of aangelê is, kan die betrokke beherende gesag met dié bouwerk, voorwerp, verandering of toevoeging en met hom wie dit opgerig, aangebring of aangelê het of vergunning vir die oprigting, aanbring of aanlê daarvan verleen het, *mutatis mutandis* handel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van artikel *vier*.”; en

(n) deur in sub-artikel (5) na die woord „artikel” die volgende woorde in te voeg: „behalwe vir sover hulle gewysig is by die Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962.”.

Invoeging van artikel 9bis in Wet 21 van 1940.

4. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel *nege* ingevoeg:

„Verbod op oprigting van bouwerke en ander voorwerpe naby kruisings van sekere paaie.

9bis. (1) Niemand mag 'n bouwerk of enigiets anders wat verbonde is aan die grond waarop dit staan, al maak dit ook nie 'n deel van daardie grond uit nie, of enigiets onder of benede enige grond binne 'n afstand van vyftienhonderd Kaapse voet, gemeet op vlak, vanaf die kruising van die middellyn van 'n verklaarde pad met die middellyn van 'n ander verklaarde pad of enige ander pad, oprig, aanbring of aanlê of vergunning daartoe verleen, of enige verandering aan of toevoeging tot die struktuur van so 'n bouwerk of so iets aldus geleë, aanbring of vergunning daartoe verleen nie, tensy dit gedoen word ooreenkomstig 'n skriftelike vergunning verleen deur die betrokke beherende gesag: Met dien verstande dat die voorafgaande bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is nie in verband met—

(a) die voltooiing van die oprigting, aanbring, aanlê of verandering van of 'n toevoeging tot 'n bouwerk of enigiets anders wat wettiglik vóór die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel begin is;

(b) 'n bouwerk wat opgerig is deur die Spoorweg-administrasie op grond waaroor daardie administrasie die beheer het;

(c) 'n bouwerk of enigiets anders wat opgerig, aangebring of aangelê is in 'n stadsgebied of op, onder of benede 'n erf of perseel in 'n dorp;

(d) 'n afsluiting, heining of muur wat nie hoër as vyf voet uitsteek nie bo die oppervlakte van die grond waarop dit staan;

(e) 'n besproeiingswerk, soos in die wet op besproeiing omskrywe, 'n plaaswoonhuis, of enige ander bouwerk of enigiets anders op 'n plaas wat bedoel is om in verband met *bona fide*-boederybedrywighede gebruik te word;

en met dien verstande voorts dat 'n vergunning ingevolge hierdie artikel verleen, nie die doen van enigiets wettig nie as dit in stryd is met 'n ander wetsbepaling.

(2) Die bepalings van sub-artikels (3), (3)bis, (3)ter., (3)quat. en (4) van artikel *nege* is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met 'n vergunning vermeld in, en enigiets gedoen in stryd met sub-artikel (1).”.

- the owner of the land in question if such structure or other thing or alteration or addition is erected, constructed, laid or made”;
- (l) by the insertion after sub-section (3) of the following sub-sections:
- “(3)*bis* If any obligation to remove a structure or other thing is so prescribed the Registrar of Deeds in question shall at the written request of the controlling authority in question note such obligation on the title deed of the land in question and in the appropriate registers.
- (3)*ter*. The cost of so noting such an obligation shall be borne by the person to whom, in terms of sub-section (3), the relevant permission was granted, and the controlling authority in question may enforce fulfilment of any obligation so noted.
- (3)*quat*. The provisions of sub-sections (8) and (9) of section *eleven* shall *mutatis mutandis* apply in respect of any obligation so noted.”;
- (m) by the substitution for sub-section (4) of the following sub-section:
- “(4) When a structure or any other thing or any alteration or addition has been erected, constructed, laid or made in contravention of sub-section (1), the controlling authority in question may deal with that structure, thing, alteration or addition and with the person who erected, constructed, laid or made it or permitted the erection, construction, laying or making thereof, *mutatis mutandis*, in accordance with the applicable provisions of section *four*.”; and
- (n) by the insertion in sub-section (5), after the word “shall”, of the words “except in so far as they have been amended by the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1962.”.

4. The following section is hereby inserted in the principal Act after section *nine*: Insertion of section 9*bis* in Act 21 of 1940.

“Prohibition of erection of structures and other things near inter-sections of certain roads. 9*bis*. (1) No person shall erect or permit the erection of any structure or any other thing which is attached to the land on which it stands, even though it does not form part of that land, or construct or lay or permit the construction or laying of anything under or below the surface of any land within a distance of fifteen hundred Cape feet measured at grade from the intersection of the centre line of a declared road with the centre line of another declared road or any other road or make or permit to be made any structural alteration or addition to any such structure or thing so situated except in accordance with the permission in writing granted by the controlling authority concerned: Provided that the preceding provisions of this section shall not apply in connection with—

- (a) the completion of the erection, construction, laying or alteration of or any addition to any structure or other thing lawfully commenced prior to the date of commencement of this section;
- (b) a structure erected by the Railway Administration on land under its control;
- (c) a structure or other thing erected, constructed or laid in an urban area or on, under or below an erf or lot in a township;
- (d) an enclosure, a fence or a wall which does not rise higher than five feet above the surface of the land on which it stands;
- (e) an irrigation work, as defined in the law relating to irrigation, a farm dwellinghouse, or any other structure or thing on a farm intended to be used in connection with *bona fide* farming operations;

and provided further, that any permission granted under this section shall not legalize the doing of anything which is unlawful under any other law.

(2) The provisions of sub-sections (3), (3)*bis*, (3)*ter*., (3)*quat*. and (4) of section *nine* shall apply *mutatis mutandis* in connection with any permission mentioned in and anything done in contravention of sub-section (1).”.

Wysiging van artikel 10 van Wet 21 van 1940.

5. Artikel *tien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die woorde „'n verklaarde pad of” en die woorde „in verband met hekke wat vermeld word in die laaste gedeelte van die eerste voorbehoudsbepaling tot paragraaf (a) van sub-artikel (3) van artikel *veertien* van die Wet op Nasionale Paaie, 1935 (Wet No. 42 van 1935), of” te skrap.

Wysiging van artikel 11 van Wet 21 van 1940, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 22 van 1944 en artikel 2 van Wet 28 van 1952.

6. Artikel *elf* van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur in sub-artikel (6) die woorde „gebou of ander bouwerk daarop opgerig” te vervang deur die woorde „bouwerk of enigiets anders op of onder of benede die oppervlakte van daardie grond opgerig, aangebring of aangelê”;
- (b) deur by sub-artikel (6) die volgende paragraaf te voeg, terwyl die bestaande sub-artikel paragraaf (a) word:
- „(b) By die verlening van sodanige goedkeuring of toestemming kan die beherende gesag bepaal dat indien die betrokke grond of een of ander deel daarvan met enige ander stuk grond gekonsolideer word, die eiendomsreg in die gekonsolideerde grond onderhewig moet wees aan 'n voorwaarde wat aan sodanige goedkeuring of toestemming verbind is kragtens paragraaf (a).”;
- (c) deur by sub-artikel (7) die volgende paragraaf te voeg, terwyl die bestaande sub-artikel paragraaf (a) word:
- „(b) 'n Sertifikaat van gekonsolideerde titel uitgereik ten opsigte van gekonsolideerde grond beoog in paragraaf (b) van sub-artikel (6), moet iedere voorwaarde bevat waaraan die eiendomsreg in daardie grond onderhewig moet wees ingevolge genoemde paragraaf, en die betrokke beherende gesag kan nakoming van so 'n voorwaarde afdwing.”; en
- (d) deur in sub-artikel (8) na die woord „transportakte” die woorde „of sertifikaat van gekonsolideerde titel” in te voeg.

Wysiging van artikel 13 van Wet 21 van 1940.

7. Artikel *dertien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) na die woord „*nege*” die woorde „*nege bis*,” in te voeg.

Wysiging van artikel 15 van Wet 21 van 1940.

8. Artikel *vyftien* van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die woorde „of *nege*” deur die woorde „*nege* of *nege bis*” te vervang;
- (b) deur na die woord „*nege*”, waar dit die tweede maal voorkom, die woorde „of uit hoofde van die bepaling van sub-artikel (2) van artikel *nege bis*” in te voeg;
- (c) deur die woorde „vyftig pond” deur die woorde „tweehonderd rand” te vervang; en
- (d) deur die volgende sub-artikel daarby te voeg, terwyl die bestaande artikel sub-artikel (1) word:
- „(2) Iemand wat sonder die skriftelike magtiging van die betrokke beherende gesag 'n hek, brug, trap of ander oor- of deurgang oprig om toegang tot of uitgang uit enige grond te verkry deur, onder of oor 'n heining, muur, heg, voor, sloot of soortgelyke versperring langs of naby die rand van 'n boubeperkingspad buite 'n stadsgebied en buite 'n dorp, is, tensy dit van daardie beherende gesag ingevolge sub-artikel (1) van artikel *tien* vereis was om nie sy magtiging tot die oprigting van dié hek, brug, trap of ander oor- of deurgang te weier nie, skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand.”.

Wysiging van lang titel van Wet 21 van 1940.

9. Die lang titel van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „oprigting van bouwerke” te vervang deur die woorde „oprigting, aanbring of aanlê van bouwerke en ander voorwerpe”.

Kort titel.

10. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962.

5. Section *ten* of the principal Act is hereby amended by the deletion in sub-section (1) of the words "a declared road or" and of the words "in connection with gates mentioned in the latter part of the first proviso to paragraph (a) of sub-section (3) of section *fourteen* of the National Roads Act, 1935 (Act No. 42 of 1935), or". **Amendment of section 10 of Act 21 of 1940.**

6. Section *eleven* of the principal Act is hereby amended— **Amendment of section 11 of Act 21 of 1940, as amended by section 12 of Act 22 of 1944 and section 2 of Act 28 of 1952.**
- (a) by the substitution in sub-section (6) for the words "erection of any building or other structure thereon" of the words "erection, construction or laying of any structure or other thing on or under or below the surface of such land";
- (b) by the addition to sub-section (6) of the following paragraph, the existing sub-section becoming paragraph (a):  
 "(b) In granting any such approval or consent the controlling authority may stipulate that if the land in question or any part thereof is consolidated with any other piece of land, the title to the consolidated land shall be subject to any condition to which such approval or consent was made subject under paragraph (a).";
- (c) by the addition to sub-section (7) of the following paragraph, the existing sub-section becoming paragraph (a):  
 "(b) Any certificate of consolidated title issued in respect of any consolidated land contemplated in paragraph (b) of sub-section (6) shall contain every condition to which the title to such land should be subject in terms of the said paragraph, and the controlling authority in question may enforce compliance with any such condition."; and
- (d) by the insertion in sub-section (8), after the word "transfer" of the words "or certificate of consolidated title".

7. Section *thirteen* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the word "*nine*" of the words "*nine bis*". **Amendment of section 13 of Act 21 of 1940.**

8. Section *fifteen* of the principal Act is hereby amended— **Amendment of section 15 of Act 21 of 1940.**
- (a) by the substitution for the words "or *nine*" of the words "*nine* or *nine bis*";
- (b) by the insertion after the word "*nine*", where it occurs for the second time, of the words "or by virtue of the provisions of sub-section (2) of section *nine bis*";
- (c) by the substitution for the words "fifty pounds" of the words "two hundred rand"; and
- (d) by the addition thereto of the following sub-section, the existing section becoming sub-section (1):  
 "(2) Any person who without the authority in writing of the controlling authority in question constructs any gate, bridge, stile or other passage to gain access to or exit from any land through, under or over a fence, wall, hedge, trench, ditch or similar obstacle along or near the edge of a building restriction road outside an urban area and outside a township, shall, unless such controlling authority was in terms of sub-section (1) of section *ten* required not to withhold its authorization for the construction of such gate, bridge, stile or other passage, be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding two hundred rand."

9. The long title to the principal Act is hereby amended by the substitution for the words "erection of structures" of the words "erection, construction or laying of structures and other things". **Amendment of long title to Act 21 of 1940.**

10. This Act shall be called the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1962. **Short title.**

No. 17, 1962.]

**WET**

Tot aanwending van 'n som van hoogstens tweehonderd-entienmiljoen rand vir die diens van die Republiek vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1963 eindig.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 7 Maart 1962.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Gekonsolideerde  
Inkomstefonds  
belas met  
R176,000,000 op  
Inkomsterekening,  
R6,000,000 op  
Bantoe-onderwys-  
rekening en  
R28,000,000 op  
Leningsrekening.

1. Op en na die eerste dag van April 1962 mag die somme geld gesamentlik ten bedrae van hoogstens eenhonderd ses-en-sewentigmiljoen rand vir inkomstedienste, sesmiljoen rand vir Bantoe-onderwys en agt-en-twintigmiljoen rand vir leningsdienste wat van tyd tot tyd nodig mag wees vir die diens van die Republiek vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1963 eindig uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds uitgereik word, totdat die Parlement in 'n Begrotingswet daarvoor voorsiening maak.

Somme ingevolge  
hierdie Wet  
uitgereik word  
beskou as  
voorlopige  
voorskotte.

2. Alle somme kragtens die bepalings van hierdie Wet uitgereik, word beskou as voorskotte op rekening van gelde wat deur die Parlement in 'n Begrotingswet toegestaan sal word vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1963 eindig, en by die inwerkingtreding van daardie Begrotingswet tree hierdie Wet buite werking en word gelde wat kragtens hierdie Wet reeds uitgereik is, beskou as uitreikings kragtens daardie Begrotingswet en moet sodanige uitreikings ooreenkomstig die bepalings daarvan verantwoord word:

Met dien verstande dat daar nie beskou word dat dienste waarvoor geen uitgawe gedurende die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1962 eindig, behoorlik kragtens 'n Begrotingswet gemagtig is nie, of waarvoor geen wetlike magtiging bestaan nie, deur artikel *een* van hierdie Wet gemagtig word nie.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Gedeeltelike Begrotingswet, 1962.

No. 17, 1962.]

## ACT

**To apply a sum not exceeding two hundred and ten million rand towards the service of the Republic for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1963.**

*(English text signed by the State President.)  
(Assented to 7th March, 1962.)*

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. On and after the first day of April, 1962, there may be issued out of the Consolidated Revenue Fund such sums of money not exceeding in the aggregate the sum of one hundred and seventy-six million rand for revenue services, six million rand for Bantu education and twenty-eight million rand for loan services as may from time to time be required for the service of the Republic for the financial year ending on the 31st day of March, 1963, until such time as provision is made therefor by Parliament in an Appropriation Act.

Consolidated  
Revenue  
Fund charged  
with R176,000,000  
on Revenue  
Account,  
R6,000,000 on  
Bantu Education  
Account and  
R28,000,000 on  
Loan Account.

2. All sums issued under the provisions of this Act shall be deemed to be advances on account of grants to be made by Parliament in an Appropriation Act for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1963, and upon the commencement of such Appropriation Act, this Act shall cease to have effect and issues already made hereunder shall be deemed to be issues under that Appropriation Act, and shall be accounted for in accordance with the provisions thereof:

Sums issued under  
this Act to be  
advances in  
anticipation.

Provided that no services upon which expenditure has not been duly authorised under an Appropriation Act during the financial year ending on the thirty-first day of March, 1962, or for which there is no statutory authority, shall be deemed to be authorised under section *one* of this Act.

3. This Act shall be known as the Part Appropriation Act, 1962. Short title.

No. 18, 1962.]

# WET

**Om voorsiening te maak vir die instelling van 'n buro vir heraldiek en 'n raad vir heraldiek; vir die toekenning, registrasie en beskerming van wapens, kentekens en ander embleme; en vir ander daarmee in verband staande aangeleenthede; en om die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935, te wysig.**

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 7 Maart 1962.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## Woordbepaling.

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „Administrateur” die Administrateur van 'n provinsie handelende op advies en met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van die provinsie; (i)
- (ii) „amptelike” van of behorende aan die Regering van die Republiek of 'n provinsiale administrasie; (xi)
- (iii) „ander embleem” 'n vlag, wimpel, vaandel, dekorasie, medalje, seël, insignia van 'n amp of orde of ander heraldiese of aanverwante simboliese voorstelling, maar nie ook 'n wapen of kenteken nie; (xii)
- (iv) „buro” die buro vir heraldiek by artikel drie ingestel; (iv)
- (v) „gebied” die gebied Suidwes-Afrika; (xx)
- (vi) „hierdie Wet” ook 'n regulasie; (xxi)
- (vii) „historiese familiewapen” 'n wapen wat in historiese tye aan 'n lid van 'n sekere familie toegeken is, of waaromtrent dit volgens historiese getuienis of familieoorlewing bekend is dat dit in historiese tye bestaan het en deur 'n lid van 'n sekere familie gebruik is; (vii)
- (viii) „inrigting” 'n inrigting, met inbegrip van 'n universiteit, universiteitskollege, onderwyskollege, opleidingskollege, normaalkollege, tegniese kollege, skool of navorsingsinstituut, in die Republiek, die gebied of die buiteland, ter bevordering van die onderwys, kuns, wetenskap of enige ander wettige menslike bedrywigheid; (viii)
- (ix) „kenteken” 'n voorwerp of figuur, synde 'n simboliese voorstelling volgens die beginsels en reëls van die heraldiek, maar minder formeel as 'n wapen, wat as herkennings- of onderskeidingsteken vir amptelike of munisipale doeleindes of deur 'n vereniging, inrigting of persoon gebruik word; (iii)
- (x) „Minister” die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap; (ix)
- (xi) „munisipale” van of behorende aan 'n inrigting of liggaam bedoel in sub-paragraaf (i) of (ii) van paragraaf (f) van sub-artikel (1) van artikel vier-en-tagtig van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, en 'n soortgelyke inrigting of liggaam in die gebied; (x)
- (xii) „provinsiale administrasie” die administrasie van 'n provinsie; (xv)
- (xiii) „provinsie” ook die gebied; (xiv)
- (xiv) „raad” die raad vir heraldiek by artikel ses ingestel; (vi)
- (xv) „register” die register kragtens artikel vyf gehou; (xvi)
- (xvi) „registrasie” 'n inskrywing in die register; en het „geregistreer” 'n ooreenstemmende betekenis; (xvii)
- (xvii) „regulasie” 'n regulasie ingevolge artikel vyf-en-twintig uitgevaardig; (xviii)
- (xviii) „staats heraldikus” die beamppte kragtens artikel vier aangestel; (xix)
- (xix) „vereniging” 'n vereniging van persone in die Republiek, die gebied of die buiteland ter bevordering van sport of vir 'n ander wettige doel opgerig; (ii)
- (xx) „voorgeskryf” by hierdie Wet voorgeskryf; (xiii)
- (xxi) „wapen” 'n voorwerp of figuur synde 'n simboliese voorstelling in kleure volgens die beginsels en reëls van die heraldiek, met of sonder 'n kroon, helm, dekklede, skildhouers, wapenspreuk of ander bystukke, op 'n skild aangebring. (v)

No. 18, 1962.]

# ACT

To make provision for the establishment of a bureau of heraldry and a heraldry council; for the grant, registration and protection of coats of arms, badges and other emblems; and for other matters incidental thereto; and to amend the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935.

(Afrikaans text signed by the State President.)

(Assented to 7th March, 1962.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates— **Definitions.**
- (i) "Administrator" means the Administrator of a province acting on the advice and with the assent of the Executive Committee of the province; (i)
  - (ii) "association" means any association of persons in the Republic, the territory or a foreign country formed for the promotion of sport or for any other lawful purpose; (xix)
  - (iii) "badge" means any object or figure, being a symbolic representation in conformity with the principles and rules of heraldry, but less formal than a coat of arms, used for official or municipal purposes or by any association, institution or person as a mark of recognition or as a distinguishing token; (ix)
  - (iv) "bureau" means the bureau of heraldry established by section *three*; (iv)
  - (v) "coat of arms" means any object or figure, being a symbolic representation displayed in colours on a shield in conformity with the principles and rules of heraldry, with or without a crown, helmet, mantling, supporters, motto or other accessories; (xxi)
  - (vi) "council" means the heraldry council established by section *six*; (xiv)
  - (vii) "historical family coat of arms" means a coat of arms which was granted to a member of a certain family in historical times or in regard to which it is known according to historical evidence or family tradition to have existed in historical times and to have been used by a member of a certain family; (vii)
  - (viii) "institution" means any institution, including any university, university college, teachers' college, training college, normal college, technical college, school or research institute, in the Republic, the territory or a foreign country, for the promotion of education, arts, science or any other lawful human activity; (viii)
  - (ix) "Minister" means the Minister of Education, Arts and Science; (x)
  - (x) "municipal" means of or belonging to an institution or body referred to in sub-paragraph (i) or (ii) of paragraph (*f*) of sub-section (1) of section *eighty-four* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, and any similar institution or body in the territory; (xi)
  - (xi) "official" means of or belonging to the Government of the Republic or any provincial administration; (ii)
  - (xii) "other emblem" means any flag, pennant, banner, decoration, medal, seal, insignia of any office or order or other heraldic or kindred symbolic representation, but does not include a coat of arms or badge; (iii)
  - (xiii) "prescribed" means prescribed by this Act; (xx)
  - (xiv) "province" includes the territory; (xiii)
  - (xv) "provincial administration" means the administration of a province; (xii)
  - (xvi) "register" means the register kept in terms of section *five*; (xv)
  - (xvii) "registration" means an entry in the register; and "registered" has a corresponding meaning; (xvi)
  - (xviii) "regulation" means any regulation made in terms of section *twenty-five*; (xvii)
  - (xix) "state herald" means the officer appointed in terms of section *four*; (xviii)
  - (xx) "territory" means the Territory of South-West Africa; (v)
  - (xxi) "this Act" includes any regulation. (vi)

Toekenning of wysiging van amptelike en munisipale wapens, kentekens en ander embleme.

2. (1) Die Staatspresident kan met inagneming van die wetsvoorskrifte betreffende die toekenning of wysiging van so 'n wapen, kenteken of ander embleem, 'n amptelike wapen, kenteken of ander embleem toeken of wysig.

(2) Wanneer 'n amptelike wapen, kenteken of ander embleem aldus toegeken of gewysig is kan die Minister besonderhede van die toekenning of wysiging in die *Staatskoerant* laat publiseer.

(3) 'n Administrateur kan op aansoek op die voorgeskrewe wyse en met inagneming van die wetsvoorskrifte betreffende die toekenning of aanneming of wysiging van so 'n wapen, kenteken of ander embleem, 'n munisipale wapen, kenteken of ander embleem toeken of wysig of die aanneming of wysiging ingevolge 'n wet van 'n munisipale wapen, kenteken of ander embleem goedkeur.

(4) Wanneer 'n munisipale wapen, kenteken of ander embleem aldus toegeken of gewysig is of wanneer die aanneming of wysiging van 'n munisipale wapen, kenteken of ander embleem aldus goedgekeur is, kan die betrokke munisipale owerheid met die voorafverkreë goedkeuring van die administrateur besonderhede van die wapen, kenteken of ander embleem in die *Offisiële Koerant* van die provinsie publiseer.

(5) 'n Wapen, kenteken of ander embleem word nie kragtens sub-artikel (1) of (3) toegeken of gewysig en die aanneming van 'n wapen, kenteken of ander embleem of 'n wysiging daarvan ingevolge 'n wet, word nie goedgekeur alvorens die ontwerp of gewysigde ontwerp daarvan deur die raad goedgekeur is nie.

(6) Die ontwerp of gewysigde ontwerp van 'n wapen, kenteken of ander embleem wat volgens sub-artikel (5) deur die raad goedgekeur moet word, word by die buro ingedien vir voorlegging aan die raad.

(7) Nadat 'n kennisgewing ingevolge sub-artikel (2) of (4) gepubliseer is, het die amptelike of munisipale owerheid wat in die kennisgewing genoem word as die eienaar van die wapen, kenteken of ander embleem daarin beskryf, behoudens die bepalings van artikel *twintig*, die alleen en uitsluitende reg om daardie wapen, kenteken of ander embleem te gebruik.

(8) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n wapen, kenteken of ander embleem wat by 'n wetsvoorskrif ingestel, daargestel of ingevoer is nie.

Buro vir heraldiek.

3. (1) Daar word hierby 'n buro vir heraldiek ingestel vir die registrasie van wapens, kentekens of ander embleme en vir die verrigting van die ander werksaamhede wat deur of kragtens hierdie Wet aan die buro opgedra word.

(2) Die werksaamhede van die buro is om—

- (a) advies omtrent heraldiese en aanverwante aangeleenthede te gee en hulp met die ontwerp van wapens, kentekens en ander embleme te verleen;
- (b) aansoeke om registrasie van wapens, kentekens of ander embleme te ontvang en na te sien;
- (c) die register en die dokumente kragtens hierdie Wet ingedien, te hou;
- (d) sertifikate van registrasie van wapens, kentekens en ander embleme uit te reik; en
- (e) die ander pligte wat die Minister aan die buro opdra, te verrig.

Staatsheraldikus.

4. Met inagneming van die wette wat op die staatsdiens betrekking het, word 'n staatsheraldikus as hoof van die buro aangestel.

Register van wapens, kentekens en ander embleme.

5. Daar word in die buro 'n register gehou waarin die buro op aansoek op die voorgeskrewe wyse die heraldiese en ander besonderhede inskryf wat volgens voorskrif van die regulasies daarin ingeskryf moet word ten opsigte van—

- (a) die wapen van die Republiek, die nasionale vlag van die Republiek, die wapens van die provinsies en enige ander by wetsvoorskrif ingestelde, daargestelde of ingevoerde wapen, kenteken of ander embleem en enige wysiging daarvan by wet aangebring;
- (b) enige amptelike of munisipale wapen, kenteken of ander embleem voor die inwerkingtreding van hierdie Wet by bevoegde gesag toegeken of ingevolge 'n wetsbepaling aangeneem;
- (c) enige amptelike of munisipale wapen, kenteken of ander embleem ingevolge artikel *twee* toegeken of na die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge 'n wetsbepaling aangeneem, en enige wysiging daarvan; en

2. (1) The State President may subject to the provisions of any law with respect to the grant or amendment of any such coat of arms, badge or other emblem, grant or amend any official coat of arms, badge or other emblem. **Grant or amendment of official and municipal coats of arms, badges and other emblems.**

(2) When any official coat of arms, badge or other emblem has been so granted or amended, the Minister may cause particulars of such grant or amendment to be published in the *Gazette*.

(3) An Administrator may on application in the prescribed manner and subject to the provisions of any law with respect to the grant or adoption or amendment of any such coat of arms, badge or other emblem, grant or amend or approve of the adoption or amendment in terms of any law of any municipal coat of arms, badge or other emblem.

(4) When any municipal coat of arms, badge or other emblem has been so granted or amended or when the adoption or amendment of any municipal coat of arms, badge or other emblem has been so approved, the municipal authority concerned may with the prior approval of the Administrator publish particulars of the coat of arms, badge or other emblem in the *Official Gazette* of the province.

(5) A coat of arms, badge or other emblem shall not be granted or amended in terms of sub-section (1) or (3) and the adoption of a coat of arms, badge or other emblem or any amendment thereof in terms of any law shall not be approved before the design or amended design thereof has been approved by the council.

(6) The design or amended design of a coat of arms, badge or other emblem requiring the approval of the council in terms of sub-section (5) shall be lodged with the bureau for submission to the council.

(7) After a notice has been published in terms of sub-section (2) or (4) the official or municipal authority referred to in such notice as the owner of the coat of arms, badge or other emblem described therein shall, subject to the provisions of section *twenty*, have the sole and exclusive right to use such coat of arms, badge or other emblem.

(8) This section shall not apply to any coat of arms, badge or other emblem instituted, constituted or created by any law.

3. (1) There is hereby established a bureau of heraldry for the registration of coats of arms, badges or other emblems and for the performance of such other functions as are assigned to the bureau by or under this Act. **Bureau of heraldry.**

(2) The functions of the bureau shall be to—

- (a) give advice on heraldic and related matters and to assist in the designing of coats of arms, badges and other emblems;
- (b) receive and examine applications for the registration of coats of arms, badges or other emblems;
- (c) keep the register and the documents lodged in terms of this Act;
- (d) issue certificates of registration of coats of arms, badges and other emblems; and
- (e) carry out such other duties as may be assigned to the bureau by the Minister.

4. There shall be appointed, subject to the laws governing the public service, a state herald as head of the bureau. **State herald.**

5. A register shall be kept in the bureau in which the bureau shall on application in the prescribed manner enter the heraldic and other particulars required by the regulations to be entered therein in respect of— **Register of coats of arms, badges and other emblems.**

- (a) the coat of arms of the Republic, the national flag of the Republic, the coats of arms of the provinces and any other coat of arms, badge or other emblem instituted, constituted or created by any law, and any amendment thereof effected by any law;
- (b) any official or municipal coat of arms, badge or other emblem granted by competent authority, or adopted in terms of any law, before the commencement of this Act;
- (c) any official or municipal coat of arms, badge or other emblem granted in terms of section *two*, or adopted after the commencement of this Act in terms of any law, and any amendment thereof; and

- (d) enige ander wapen, kenteken of ander embleem teen die registrasie waarvan geen geldige beswaar bestaan nie, en enige wysiging daarvan.

Raad vir heraldiek.

6. (1) Daar word hierby 'n raad vir heraldiek ingestel wat bestaan uit die staatsheraldikus en minstens sewe ander lede deur die Minister aangestel te word, om die werksaamhede te verrig wat deur of kragtens hierdie Wet aan die raad opgedra word.

(2) Die werksaamhede van die raad is om—

- (a) die Minister en die Administrateur van enige provinsie van advies omtrent heraldiese en aanverwante aangeleenthede te dien;
- (b) die ontwerp van 'n wapen, kenteken of ander embleem en 'n wysiging van die ontwerp van 'n geregistreerde wapen, kenteken of ander embleem vir die doeleindes van hierdie Wet goed te keur;
- (c) aansoeke wat kragtens hierdie Wet na hom verwys word, te oorweeg;
- (d) appèlle kragtens artikel *nege* aangeteken, te oorweeg;
- (e) besware kragtens artikel *elf* ingedien, te oorweeg; en
- (f) die ander pligte wat die Minister aan die raad opdra, te verrig.

Aansoek om registrasie.

7. 'n Aansoek om registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem of van 'n wysiging van 'n geregistreerde wapen, kenteken of ander embleem word by die buro in die voorgeskrewe vorm ingedien en gaan vergesël van die voorgeskrewe dokumente, ontwerpe en gelde.

Oorweging van aansoeke deur die staatsheraldikus.

8. (1) Indien die aansoek in die vorm is wat deur hierdie Wet voorgeskryf word, moet die staatsheraldikus—

- (a) 'n aansoek om die registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem bedoel in paragraaf (a) van artikel *vyf*, en 'n wysiging daarvan, goedkeur;
- (b) 'n aansoek om die registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem bedoel in paragraaf (b) van artikel *vyf* goedkeur;
- (c) 'n aansoek om die registrasie van 'n historiese of ander familiewapen, of 'n wysiging van so 'n wapen, na die raad verwys.

(2) Die staatsheraldikus kan, behoudens die bepalinge van artikels *twee* en *negentien*—

- (a) 'n aansoek om die registrasie van 'n amptelike of munisipale wapen, kenteken of ander embleem wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet by bevoegde gesag toegeken of ingevolge 'n wet deur 'n munisipale owerheid aangeneem is, of 'n wysiging van so 'n wapen, kenteken of ander embleem wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet by bevoegde gesag toegeken of ingevolge 'n wet deur 'n munisipale owerheid aangeneem is, goedkeur of afwys of hy kan dit na die raad verwys;
- (b) 'n aansoek om die registrasie van 'n wapen (behalwe 'n familiewapen), kenteken of ander embleem van 'n vereniging of inrigting of persoon, of 'n wysiging daarvan, voorlopig goedkeur of hy kan dit afwys of na die raad verwys: Met dien verstande dat indien enige beswaar teen die registrasie van so 'n wapen, kenteken of ander embleem ingedien word, hy die aansoek na die raad moet verwys.

(3) Indien die staatsheraldikus—

- (a) 'n aansoek bedoel in paragraaf (a) of (b) van sub-artikel (1) of in paragraaf (a) van sub-artikel (2) goedkeur, skryf die buro in die register die heraldiese en ander besonderhede wat volgens voorskrif van die regulasies daarin ingeskryf moet word ten opsigte van die betrokke wapen, kenteken of ander embleem of die wysiging daarvan, en gee die buro kennis van die registrasie op die voorgeskrewe wyse;
- (b) 'n aansoek bedoel in paragraaf (b) van sub-artikel (2) voorlopig goedkeur, gee die buro kennis van die aansoek op die voorgeskrewe wyse.

(4) Behoudens die bepalinge van paragrafe (a) en (b) van sub-artikel (1) kan 'n aansoek deur die staatsheraldikus afgewys word indien—

- (a) die ontwerp van die wapen, kenteken of ander embleem soortgelyk is aan 'n ontwerp of 'n weselike gedeelte van 'n ontwerp wat by kopiereg of by die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), of hierdie Wet beskerm word, en skrifte-

- (d) any other coat of arms, badge or other emblem to the registration of which no valid objection exists, and any amendment thereof.

6. (1) There is hereby established a heraldry council which **Heraldry council.** shall consist of the state herald and at least seven other members to be appointed by the Minister, to carry out the functions assigned to the council by or under this Act.

(2) The functions of the council shall be to—

- (a) advise the Minister and the Administrator of any province on heraldic and related matters;
- (b) approve for the purposes of this Act the design of any coat of arms, badge or other emblem and any amendment of the design of any registered coat of arms, badge or other emblem;
- (c) consider applications referred to it in terms of this Act;
- (d) consider appeals noted in terms of section *nine*;
- (e) consider objections lodged in terms of section *eleven*; and
- (f) carry out such other duties as may be assigned to the council by the Minister.

7. An application for registration of a coat of arms, badge or other emblem or of any amendment of a registered coat of arms, badge or other emblem shall be made to the bureau in the prescribed form and shall be accompanied by the prescribed documents, designs and fees. **Application for registration.**

8. (1) If the application is in the form prescribed by this Act, the state herald shall— **Consideration of applications by state herald.**

- (a) approve an application for the registration of a coat of arms, badge or other emblem referred to in paragraph (a) of section *five*, and any amendment thereof;
- (b) approve an application for the registration of a coat of arms, badge or other emblem referred to in paragraph (b) of section *five*;
- (c) refer an application for the registration of any historical or other family coat of arms or any amendment of such a coat of arms to the council.

(2) The state herald may, subject to the provisions of sections *two* and *nineteen*—

- (a) approve or reject an application for the registration of an official or municipal coat of arms, badge or other emblem granted by competent authority, or adopted by a municipal authority in terms of any law, after the commencement of this Act or any amendment of such a coat of arms, badge or other emblem granted by competent authority, or adopted by a municipal authority in terms of any law, before or after the commencement of this Act, or he may refer it to the council;
- (b) provisionally approve an application for the registration of a coat of arms (other than a family coat of arms), badge or other emblem of an association or institution or person, or any amendment thereof, or he may reject it or refer it to the council: Provided that if any objection is lodged against the registration of such a coat of arms, badge or other emblem, he shall refer the application to the council.

(3) If the state herald—

- (a) approves an application referred to in paragraph (a) or (b) of sub-section (1) or in paragraph (a) of sub-section (2), the bureau shall enter in the register the heraldic and other particulars required by the regulations to be entered therein in respect of the coat of arms, badge or other emblem concerned or the amendment thereof, and shall give notice of the registration in the prescribed manner;
- (b) provisionally approves an application referred to in paragraph (b) of sub-section (2), the bureau shall give notice of the application in the prescribed manner.

(4) Subject to the provisions of paragraphs (a) and (b) of sub-section (1), an application may be rejected by the state herald if—

- (a) the design of the coat of arms, badge or other emblem be similar to a design or any material part of a design protected by copyright or by the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), or this Act, and permission in writing for the use of

like toestemming vir die gebruik van die ontwerp of daardie wesenlike gedeelte nie van die eienaar daarvan verkry is nie;

(b) die ontwerp van die wapen, kenteken of ander embleem nie in ooreenstemming met die beginsels en reëls van die heraldiek is nie; of

(c) die aansoek nie aan die bepalings van hierdie Wet voldoen nie of in ander opsigte gebrekkig is.

(5) Indien 'n aansoek deur die staatsheraldikus verwerp word kan die aansoeker binne die voorgeskrewe tydperk die aansoek wysig of verdere inligting verstrek of verdere verhoër of 'n nuwe aansoek indien.

(6) Indien die buro kennis van 'n aansoek ingevolge paragraaf (b) van sub-artikel (3) gegee het en geen beswaar binne die voorgeskrewe tyd ingedien word nie, kan die staatsheraldikus, behoudens die bepalings van artikel *negentien*, die betrokke aansoek finaal goedkeur of kan hy dit na die raad verwys.

(7) Indien die staatsheraldikus 'n in sub-artikel (6) bedoelde aansoek finaal goedgekeur het, skryf die buro in die register die heraldiese en ander besonderhede wat volgens voorskrif van die regulasies daarin ingeskryf moet word, ten opsigte van die betrokke wapen, kenteken of ander embleem of die wysiging daarvan, en gee die buro kennis van die registrasie op die voorgeskrewe wyse.

Appèl teen besluit van staatsheraldikus.

9. (1) Daar is 'n reg van appèl na die raad teen 'n besluit van die staatsheraldikus en by die verhoor van so 'n appèl moet die staatsheraldikus homself rekuseer.

(2) 'n Appèl na die raad teen 'n besluit van die staatsheraldikus word op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk aangeteken.

(3) By appèl kan die raad 'n besluit van die staatsheraldikus handhaaf, ter syde stel of wysig en kan hy 'n aansoek goedkeur, afwys of vir verdere inligting of besonderhede terugverwys.

(4) Indien 'n aansoek om registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem of 'n wysiging daarvan op appèl deur die raad goedgekeur word, skryf die buro in die register die heraldiese en ander besonderhede wat volgens voorskrif van die regulasies daarin ingeskryf moet word ten opsigte van die betrokke wapen, kenteken of ander embleem of die wysiging daarvan, en gee die buro kennis van die registrasie op die voorgeskrewe wyse.

(5) Indien 'n besluit van die staatsheraldikus waardeur 'n aansoek om registrasie goedgekeur is, deur die raad ter syde gestel word, moet die buro die betrokke inskrywing in die register skrap.

Oorweging van aansoeke deur die raad.

10. (1) Wanneer 'n aansoek deur die staatsheraldikus na die raad verwys word, kan die raad, behoudens die bepalings van artikel *negentien*—

(a) as dit 'n in paragraaf (c) van sub-artikel (1) van artikel *agt* bedoelde aansoek is, sodanige aansoek finaal of voorlopig goedkeur of dit afwys of vir verdere inligting of besonderhede terugverwys; of

(b) as dit 'n in paragraaf (a) van sub-artikel (2) van artikel *agt* bedoelde aansoek is, sodanige aansoek goedkeur of afwys of vir verdere inligting of besonderhede terugverwys; of

(c) as dit 'n in paragraaf (b) van sub-artikel (2) van artikel *agt* bedoelde aansoek is, sodanige aansoek voorlopig goedkeur of dit afwys of vir verdere inligting of besonderhede terugverwys.

(2) Die bepalings van sub-artikel (4) van artikel *agt* is op die oorweging van 'n aansoek deur die raad van toepassing.

(3) Indien 'n aansoek om registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem of 'n wysiging daarvan deur die raad goedgekeur word, skryf die buro in die register die heraldiese en ander besonderhede wat volgens voorskrif van die regulasies daarin ingeskryf moet word, ten opsigte van bedoelde wapen, kenteken, ander embleem of wysiging, en gee die buro kennis van die registrasie op die voorgeskrewe wyse.

(4) Die buro gee op die voorgeskrewe wyse kennis van 'n deur die raad voorlopig goedgekeurde aansoek.

Besware.

11. 'n Amptelike of munisipale owerheid, vereniging, inrigting of persoon wat teen die registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, dien so 'n beswaar op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk by die buro in vir voorlegging aan die raad.

such design or such material part has not been obtained from the owner thereof;

- (b) the design of the coat of arms, badge or other emblem does not accord with the principles and rules of heraldry; or
- (c) the application does not comply with the provisions of this Act or is defective in other respects.

(5) If any application is rejected by the state herald, the applicant may within the prescribed period amend the application or furnish further information or make further representations or submit a new application.

(6) if the bureau has given notice of an application in terms of paragraph (b) of sub-section (3) and no objection is lodged within the prescribed period, the state herald may, subject to the provisions of section *nineteen*, finally approve the application or refer it to the council.

(7) If the state herald has finally approved of an application referred to in sub-section (6), the bureau shall enter in the register the heraldic and other particulars required by the regulations to be entered therein in respect of the coat of arms, badge or other emblem concerned or the amendment thereof, and the bureau shall give notice of the registration in the prescribed manner.

9. (1) There shall be a right of appeal to the council against any decision of the state herald and at the hearing of any such appeal the state herald shall recuse himself. **Appeal against decision of state herald.**

(2) An appeal to the council against a decision of the state herald shall be noted in the prescribed manner and within the prescribed period.

(3) On appeal the council may uphold, set aside or amend any decision of the state herald and may approve an application or reject it or refer it back for further information or particulars.

(4) If an application for the registration of a coat of arms, badge or other emblem or any amendment thereof is approved by the council on appeal, the bureau shall enter in the register the heraldic and other particulars required by the regulations to be entered therein in respect of the coat of arms, badge or other emblem concerned or the amendment thereof, and shall give notice of the registration in the prescribed manner.

(5) If a decision of the state herald granting an application for registration is set aside by the council, the bureau shall delete the relevant entry in the register.

10. (1) Whenever an application is referred to it by the state herald, the council may, subject to the provisions of section *nineteen*— **Consideration of applications by the council.**

- (a) if it is an application referred to in paragraph (c) of sub-section (1) of section *eight*, approve such application finally or provisionally or reject it or refer it back for further information or particulars; or
- (b) if it is an application referred to in paragraph (a) of sub-section (2) of section *eight*, approve or reject such application or refer it back for further information or particulars; or
- (c) if it is an application referred to in paragraph (b) of sub-section (2) of section *eight*, approve such application provisionally or reject it or refer it back for further information or particulars.

(2) The provisions of sub-section (4) of section *eight* shall apply to the consideration of an application by the council.

(3) If an application for the registration of a coat of arms, badge or other emblem or any amendment thereof is approved by the council, the bureau shall enter in the register the heraldic and other particulars required by the regulations to be entered therein, in respect of the said coat of arms, badge, other emblem or amendment, and the bureau shall give notice of the registration in the prescribed manner.

(4) The bureau shall give notice in the prescribed manner of any application provisionally approved by the council.

11. Any official or municipal authority, association, institution or person wishing to object to the registration of any coat of arms, badge or other emblem on the grounds that such registration would encroach upon rights to which it or he is legally entitled, shall lodge such objection with the bureau in the prescribed manner and within the prescribed period for submission to the council. **Objections.**

Oorweging deur die raad van voorlopig goedgekeurde aansoeke.

12. (1) Indien die buro kennis van 'n in paragraaf (b) van sub-artikel (3) van artikel *agt* bedoelde aansoek gegee het en dit daarna ingevolge die voorbehoudsbepaling by paragraaf (b) van sub-artikel (2) of sub-artikel (6) van genoemde artikel na die raad verwys word, of indien die buro kennis van 'n in sub-artikel (4) van artikel *tien* bedoelde aansoek gegee het, kan die raad na oorweging van enige besware wat binne die voorgeskrewe tydperk ingedien is, die aansoek goedkeur of afwys of vir verdere inligting of besonderhede terugverwys.

(2) Indien die raad 'n in sub-artikel (1) bedoelde aansoek goedkeur, skryf die buro in die register die heraldiese en ander besonderhede wat volgens voorskrif van die regulasies daarin ingeskryf moet word, ten opsigte van die betrokke wapen, kenteken, ander embleem of wysiging, en gee die buro kennis van die registrasie op die voorgeskrewe wyse.

Appèl teen besluit van raad.

13. (1) Daar is 'n reg van appèl teen 'n besluit van die raad na die Minister wie se besluit oor so 'n appèl afdoende is: Met dien verstande dat in sake wat in die gebied ontstaan, daar 'n reg van appèl is na die Administrateur wie se besluit insgelyks afdoende is.

(2) 'n Appèl na die Minister of bedoelde Administrateur word op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk aangeteken.

(3) By appèl kan die Minister of bedoelde Administrateur die besluit van die raad handhaaf, ter syde stel of wysig en kan hy 'n aansoek goedkeur, afwys of vir verdere inligting of besonderhede na die raad terugverwys.

(4) Indien die Minister of bedoelde Administrateur 'n aansoek om registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem of 'n wysiging daarvan goedkeur, is die bepalings van sub-artikel (4) van artikel *nege* van toepassing.

(5) Indien die Minister of bedoelde Administrateur 'n appèl teen die registrasie van 'n wapen, kenteken of ander embleem of 'n wysiging daarvan handhaaf, moet die buro die betrokke inskrywing in die register skrap.

Eiendomsreg op wapen, kenteken of embleem.

14. Behoudens die bepalings van artikel *twintig*—

(a) is 'n geregistreerde wapen (behalwe 'n familiewapen), kenteken of ander embleem die volle en uitsluitende eiendom van die amptelike of munisipale owerheid, vereniging, inrigting of persoon op wie se naam dit geregistreer staan; en

(b) is 'n geregistreerde historiese of ander familiewapen die onvervreembare eiendom van die persoon op wie se naam dit geregistreer staan en van sy familie en kan gedurende sy lewe en na sy dood wettiglik as familiewapen gebruik word deur enigiemand wat bewys kan lewer dat hy 'n lid van daardie persoon se familie is deur wettige bloedverwantskap, afstamming, huwelik of aanneming, en dat hy dieselfde familienaam voer.

Ampseël.

15. Die buro hou 'n ampseël die heraldiese besonderhede waarvan in die register ingeskryf moet word.

Insaë in register.

16. (1) Die register of enige dokument wat kragtens hierdie Wet ingedien en deur die buro gehou word, is teen betaling van die voorgeskrewe gelde en onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes gedurende die voorgeskrewe ure vir insaë deur die publiek beskikbaar: Met dien verstande dat die staatsheraldikus na goeiddunke toegang tot enige dokument kan weier op grond van openbare beleid, of omdat die betrokke dokument herstel word of in 'n gehawende toestand is en eers herstel moet word, of om enige ander gegronde rede.

(2) Daar is 'n reg van appèl na die raad teen enige sodanige weiering deur die staatsheraldikus, en in die laaste instansie na die Minister, of, in die geval van die gebied, na die Administrateur, en die beslissing van die Minister of bedoelde Administrateur, na gelang van die geval, is afdoende.

Inligting uit register.

17. (1) Behoudens die bepalings van die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (1) van artikel *sestien* en van sub-artikel (2) van daardie artikel, verstrekk die buro op versoek van enige persoon en by betaling van die voorgeskrewe gelde, afskrifte van dokumente kragtens hierdie Wet by die buro ingedien of van besonderhede uit die register, of sertifikate ten opsigte daarvan.

(2) 'n Afskrif van 'n inskrywing in die register of van 'n dokument in die buro gehou, of 'n uittreksel uit die register of so 'n dokument wat deur die staatsheraldikus gesertifiseer en

12. (1) If the bureau has given notice of an application referred to in paragraph (b) of sub-section (3) of section *eight*, and such application is thereafter referred to the council in terms of the proviso to paragraph (b) of sub-section (2) or sub-section (6) of the said section, or if the bureau has given notice of an application referred to in sub-section (4) of section *ten*, the council may, after consideration of any objections lodged within the prescribed period, approve or reject the application or refer it back for further information or particulars.

Consideration by the council of provisionally approved applications.

(2) If the council approves an application referred to in sub-section (1), the bureau shall enter in the register the heraldic and other particulars required by the regulations to be entered therein, in respect of the coat of arms, badge, other emblem or amendment concerned, and the bureau shall give notice of the registration in the prescribed manner.

13. (1) There shall be a right of appeal against any decision of the council to the Minister whose decision on any such appeal shall be final: Provided that in matters arising in the territory, there shall be a right of appeal to the Administrator whose decision shall likewise be final.

Appeal against council's decision.

(2) An appeal to the Minister or the said Administrator shall be noted in the prescribed manner and within the prescribed period.

(3) On appeal the Minister or the said Administrator may uphold, set aside or amend any decision of the council and may approve any application or reject it or refer it back to the council for further information or particulars.

(4) If the Minister or the said Administrator approves an application for the registration of a coat of arms, badge or other emblem or any amendment thereof, the provisions of sub-section (4) of section *nine* shall apply.

(5) If the Minister or the said Administrator upholds an appeal against the registration of a coat of arms, badge or other emblem or any amendment thereof, the bureau shall delete the relevant entry in the register.

14. Subject to the provisions of section *twenty*—

Proprietary rights to arms, badge or emblem.

(a) a registered coat of arms (other than a family coat of arms), badge or other emblem shall be the full and exclusive property of the official or municipal authority, association, institution or person in whose name it has been registered; and

(b) a registered historical or other family coat of arms shall be the inalienable property of the person in whose name it has been registered and of his family and may lawfully be used during his lifetime or after his death as a family coat of arms by any person who is able to produce proof that he is a member of the said person's family by lawful blood-relationship, descent, marriage or adoption and that he bears the same family name.

15. The bureau shall have a seal of office the heraldic particulars whereof shall be entered in the register.

Seal of office.

16. (1) The register or any document lodged in terms of this Act and kept by the bureau shall be open for inspection by the public during the prescribed hours on payment of the prescribed fees and subject to the prescribed conditions: Provided that the state herald may in his discretion refuse access to any document on the grounds of public policy, or because the document concerned is being repaired or is in a tattered condition and should first be repaired, or for any other good reason.

Register open for inspection.

(2) There shall be a right of appeal to the council against any such refusal by the state herald and in the last resort to the Minister or in the case of the territory, to the Administrator, and the decision of the Minister or the said Administrator, as the case may be, shall be final.

17. (1) Subject to the provisions of the proviso to sub-section (1) of section *sixteen* and of sub-section (2) of the said section, the bureau shall, at the request of any person and on payment of the prescribed fees, furnish copies of documents lodged in the bureau in terms of this Act or of particulars from the register, or certificates in respect thereof.

Information from register.

(2) A copy of an entry in the register or of a document kept in the bureau or an extract from the register or any such docu-

met die ampseël van die buro geseël is, is sonder verdere bewys of oorlegging van die oorspronklike in alle geregshowe as getuienis toelaatbaar.

Verbetering van klerklike foute en verbetering van register.

18. Op 'n skriftelike versoek vergesel van die voorgeskrewe gelde of sonder so 'n versoek en behoudens die bepalings van artikel *negentien*—

- (a) kan die staatsheraldikus of die raad magtiging verleen vir verbetering van 'n klerklike fout in 'n dokument kragtens hierdie Wet ingedien of uitgereik of in die register; of
- (b) kan die raad gelas dat in die register verbeterings aangebring word deur 'n aantekening daarin te maak, te wysig of te skrap.

Uitoefening van diskresionêre bevoegdheede.

19. Waar by hierdie Wet aan die staatsheraldikus of die raad 'n diskresionêre bevoegdheid verleen word, word daardie bevoegdheid nie ten nadele van 'n aansoeker of 'n beswaarmaker of 'n ander persoon wat volgens die register blykbaar 'n belanghebbende party is, uitgeoefen nie sonder dat aan so 'n aansoeker, beswaarmaker of belanghebbende party 'n geleentheid gegee word om binne die voorgeskrewe tydperk aangehoor te word.

Voorbehoude.

20. (1) Die bepalings van hierdie Wet word nie geag enige persoon te belet om 'n geregistreerde wapen, kenteken of ander embleem te gebruik tydens of vir die doeleindes van 'n toneelopvoering, historiese optog of ander vorm van opvoering of vermaaklikheid, of 'n kinematografiese rolprent nie, mits dit nie op 'n wyse of in omstandighede gebruik word dat dit bespottlik gemaak of in minagting gebring word nie.

(2) Die bepalings van hierdie Wet belet nie die voortgesette gebruik van 'n merk of ontwerp geregistreer kragtens die Wet op Modellen, Handelsmerken en Auteursrecht, 1916, of 'n merk of ontwerp wat nie kragtens daardie Wet beskerm word nie maar wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet te goeder trou as handelsmerk gebruik is: Met dien verstande dat die bewyslas om die te goeder trou gebruik te bewys op die persoon rus wat daarop aanspraak maak.

(3) Die bepalings van hierdie Wet ontnem nie aan iemand die reg om 'n wapen, kenteken of ander embleem wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet in gereelde gebruik deur so iemand is, te gebruik nie: Met dien verstande dat die bewyslas om so 'n gebruik te bewys op so iemand rus.

(4) Die bepalings van hierdie Wet ontnem nie aan iemand die reg om 'n wapen, kenteken of embleem tot die gebruik waarvan hy op grond van sy lidmaatskap van 'n vereniging of inrigting geregtig geword het, te gebruik nie: Met dien verstande dat die bewyslas om so 'n reg te bewys op die persoon rus wat op daardie reg aanspraak maak.

Skadevergoeding weens misbruik van wapens, kentekens of embleme.

21. Iemand wat, sonder die skriftelike magtiging van die amptelike of munisipale owerheid, vereniging, inrigting of persoon op wie se naam 'n wapen, kenteken of ander embleem geregistreer staan of as sodanige persoon oorlede is, van 'n lid van die familie van daardie persoon in die geval van 'n familiewapen, of sonder 'n ander wettige rede, so 'n wapen, kenteken of ander embleem of 'n wesenlike deel daarvan, of 'n replika of weergawe daarvan of 'n nabootsing wat redelikerwys met so 'n wapen, kenteken of ander embleem verwar kan word, dra, gebruik, verkoop, verkwansel of daarmee handeldryf, kan deur so 'n amptelike of munisipale owerheid, vereniging, inrigting of persoon of lid van bedoelde persoon se familie in 'n geregshof gedagvaar word vir—

- (a) 'n bedrag van hoogstens vyftig rand, en so 'n hof kan sonder bewys van enige skade en benewens die koste van die geding, so 'n bedrag toeken, die genoemde som nie te bowe gaande nie, as wat aan hom onder die omstandighede van die geval redelik mag voorkom; of
- (b) skadevergoeding of 'n interdik of vir beide skadevergoeding en 'n interdik, en so 'n hof kan benewens die koste van die geding, sodanige skadevergoeding toeken as wat aan hom onder die omstandighede redelik mag voorkom of 'n interdik verleen of beide skadevergoeding toeken en 'n interdik verleen.

trafbepaling vir misbruik van amptelike of munisipale wapen, kenteken of ander embleem.

22. Iemand wat sonder die skriftelike toestemming van die amptelike of munisipale owerheid op wie se naam 'n amptelike of munisipale wapen, kenteken of ander embleem geregistreer staan, of sonder 'n ander wettige rede, so 'n wapen, kenteken of ander embleem of 'n wesenlike deel daarvan of 'n replika

ment certified by the state herald and bearing the seal of office of the bureau shall be admissible in evidence in all courts of law without further proof or production of the original.

18. Upon a request in writing accompanied by the prescribed fees or without such a request and subject to the provisions of section *nineteen*—

Correction of clerical errors and rectification of register.

- (a) the state herald or the council may authorize the correction of any clerical error in any document lodged or issued in terms of this Act or in the register; or
- (b) the council may order the register to be rectified by the making, amendment or deletion of any entry therein.

19. Whenever any discretionary power is by this Act given to the state herald or the council, such power shall not be exercised adversely to an applicant or an objector or other person who according to the register appears to be an interested party, without affording such applicant, objector or interested party an opportunity of being heard within the prescribed period.

Exercise of discretionary powers.

20. (1) Nothing in this Act shall be deemed to prevent any person from using any registered coat of arms, badge or other emblem in the course of or for the purpose of any stage play, historical pageant or other form of performance or entertainment or any cinematographic film, provided it is not used in such a manner or under such circumstances as to bring it into ridicule or contempt.

Savings.

(2) Nothing in this Act shall prevent the continued use of any mark or design registered under the Designs, Trade Marks and Copyright Act, 1916, or any mark or design not protected under that Act but which has been *bona fide* used as a trade mark before the commencement of this Act: Provided that the onus of proving such *bona fide* use shall be upon the person making such claim.

(3) Nothing in this Act shall deprive any person of the right to use any coat of arms, badge or other emblem which at the commencement of this Act is in regular use by such person: Provided that the onus of proving such use shall be upon such person.

(4) Nothing in this Act shall deprive any person of the right to use any coat of arms, badge or other emblem to the use of which he has become entitled by reason of his membership of an association or institution: Provided that the onus of proving such right shall be upon the person claiming such right.

21. Any person who without the written authority of the official or municipal authority, association, institution or person in whose name any coat of arms, badge or other emblem has been registered or, if such person has died, of a member of the family of such person in the case of a family coat of arms, or without any other lawful reason, wears, uses, sells, barter or trades in any such coat of arms, badge or other emblem or a material part thereof or any replica or reproduction thereof or any imitation which might reasonably be confused with any such coat of arms, badge or other emblem, may be sued in any court of law by any such official or municipal authority, association, institution or person or member of the family of such person for—

Damages for misuse of coat of arms, badge or emblem.

- (a) an amount not exceeding fifty rand, and such court may without proof of any damages, and in addition to the costs of the action, award such amount, not exceeding the said amount, as may in the circumstances of the case appear to it to be reasonable; or
- (b) damages or an interdict or for both damages and an interdict, and such court may, in addition to the costs of the action, award such damages as may appear to it to be reasonable in the circumstances, or grant an interdict or both award damages and grant an interdict.

22. Any person who, without the written permission of the official or municipal authority in whose name any official or municipal coat of arms, badge or other emblem has been registered, or without any other lawful reason, sells, barter or uses for gain or trades in such coat of arms, badge or other emblem or any material part thereof or any replica or repro-

Penalties for misuse of official or municipal coat of arms, badge or other emblem.

of weergawe daarvan of 'n nabootsing daarvan wat redelikerwys daarmee verwar kan word, verkoop, verkwansel, vir gewin gebruik of daarmee handeldryf, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand.

Strafbepaling vir valse inskrywings.

23. Iemand wat met die wete dat dit vals is—

- (a) 'n valse inskrywing in die register maak of laat maak;
- (b) 'n geskrif wat valslik 'n afskrif van 'n inskrywing in die register heet te wees, maak of laat maak;
- (c) so 'n inskrywing of afskrif daarvan as getuienis voorlê of aanbied of laat voorlê of aanbied; of
- (d) 'n valse verklaring of voorstelling maak met die doel om die staatsheraldikus of die raad in die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet te mislei,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

Jaarverslag.

24. (1) Die staatsheraldikus doen jaarliks aan die Minister verslag oor die bedrywighede van die buro en die raad.

(2) Die Minister lê 'n afskrif van bedoelde verslag in die Senaat en die Volksraad ter tafel binne veertien dae ná ontvangs daarvan indien die Parlement dan in gewone sitting is, of, indien die Parlement dan nie in gewone sitting is nie, binne veertien dae ná die aanvang van sy eersvolgende gewone sitting.

Regulasies.

25. Die Minister kan regulasies uitvaardig met betrekking tot—

- (a) die werksaamhede van die buro;
- (b) die samestelling, bevoegdhede, pligte, prosedure op vergaderings en wyse van uitvoering van die pligte van die raad; en, in oorleg met die Minister van Finansies, die toelaes betaalbaar aan lede van die raad wat nie in die diens van die Staat is nie;
- (c) die goedkeuring van ontwerpe vir wapens, kentekens of ander embleme en van wysigings daarvan;
- (d) die registers wat gehou, die vorms wat gebruik, die sertifikate wat uitgereik en die dokumente en ontwerpe wat ingedien moet word;
- (e) die kennis wat gegee moet word en die wyse van kennisgewing;
- (f) 'n tarief van die gelde wat ten opsigte van 'n aansoek, appèl, aangeleentheid, dokument of sertifikaat betaal moet word en die wyse waarop sodanige gelde betaal moet word: Met dien verstande dat sodanige regulasies in oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig word;
- (g) alle aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en
- (h) in die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf om aan die bepalings van hierdie Wet gevolg te gee of ten einde dat die oogmerke van hierdie Wet bereik mag word.

Wysiging van Wet 23 van 1935.

26. Die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935, word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (2) van artikel *drie* die woorde „van vyf pond” deur die woorde „by regulasie voorgeskryf” te vervang;
- (b) deur in paragraaf (a) van sub-artikel (3) van artikel *ses* die woorde „tien pond” deur die woorde „vyftig rand” te vervang;
- (c) deur in sub-artikel (1) van artikel *nege* voor die woord „kragtens” die woorde „voor die inwerkingtreding van die Heraldiekwet, 1962”, in te voeg; en deur in daardie sub-artikel die woorde „van tien shillings voor of op die dertigste dag van Junie in elke en iedere jaar” deur die woorde „by regulasie voorgeskryf voor of op die dertigste dag van Junie 1963” te vervang;
- (d) deur in sub-artikel (2) van artikel *nege* die woorde „in enige jaar” te skrap;
- (e) deur die volgende artikel na artikel *nege* in te voeg:

„Oordrag van bevoegdhede.

*9bis.* (1) Die Minister kan enige van die bevoegdhede wat aan hom by artikels *een*, *vier*, *vyf*, *agt* en *nege* en in die woordskrywing van „vereniging” in artikel *elf* verleen word, aan die kragtens die Heraldiekwet, 1962, aangestelde staatsheraldikus oordra en kan so 'n oordrag intrek: Met dien verstande dat die Minister—

duction thereof or any imitation thereof which might reasonably be confused therewith, shall be guilty of an offence, and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand.

**23.** Any person who knowing the same to be false— Penalty for false entries.  
 (a) makes or causes to be made a false entry in the register;

(b) makes or causes to be made any document falsely purporting to be a copy of an entry in the register;

(c) produces or tenders or causes to be produced or tendered as evidence any such entry or copy thereof; or

(d) makes any false statement or representation for the purpose of deceiving the state herald or the council in the execution of the provisions of this Act,

shall be guilty of an offence, and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one year.

**24.** (1) The state herald shall report annually to the Minister on the activities of the bureau and the council. Annual report.

(2) The Minister shall lay a copy of such report on the Table of the Senate and of the House of Assembly within fourteen days after receipt thereof if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

**25.** The Minister may make regulations with regard to— Regulations.

(a) the functions of the bureau;

(b) the constitution, powers, duties, procedure at meetings, and the manner in which the duties of the council shall be performed; and in consultation with the Minister of Finance, the allowances payable to members of the council who are not in the employ of the State;

(c) the approval of designs of coats of arms, badges or other emblems and of amendments thereof;

(d) the registers to be kept, the forms to be used, the certificates to be issued and the documents and designs to be lodged;

(e) the notices to be given and the manner of notification;

(f) a tariff of fees which shall be payable in respect of any application, appeal, matter, document or certificate and the manner in which such fees shall be paid: Provided that such regulations shall be made in consultation with the Minister of Finance;

(g) all matters which by this Act are required or permitted to be prescribed; and

(h) generally, all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe to give effect to the provisions of this Act, or in order that the objects of this Act may be achieved.

**26.** The Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935, is hereby amended— Amendment of Act 23 of 1935.

(a) by the substitution in sub-section (2) of section *three* for the words "of five pounds" of the words "prescribed by regulation";

(b) by the substitution in paragraph (a) of sub-section (3) of section *six* for the words "ten pounds" of the words "fifty rand";

(c) by the insertion in sub-section (1) of section *nine* before the word "under" of the words "before the commencement of the Heraldry Act, 1962"; and by the substitution in the said sub-section for the words "of ten shillings on or before the thirtieth day of June in each and every year" of the words "prescribed by regulation on or before the thirtieth day of June, 1963";

(d) by the deletion in sub-section (2) of section *nine* of the words "in any year";

(e) by the insertion of the following section after section *nine*:

**9bis.** (1) The Minister may delegate to the state herald appointed under the Heraldry Act, 1962, any of the powers vested in him by sections *one, four, five, eight* and *nine*, and in the definition of 'association' in section *eleven*, and may cancel any such delegation: Provided that the Minister—

"Delegation of powers.

- (a) nie geag word van 'n bevoegdheid wat hy aldus oorgedra het, onthef te wees nie; en  
 (b) 'n besluit geneem of handeling verrig deur die staatsheraldikus uit hoofde van 'n aldus oorgedrae bevoegdheid, kan intrek of wysig.

(2) Alle aangeleenthede met betrekking tot registrasie kragtens die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935, soos deur enige Departement uitgevoer vóór die totstandkoming van die Heraldiekwet, 1962, word geag wettiglik uitgevoer te gewees het.”;

en

(f) deur die volgende artikel na artikel *elf* in te voeg:

„Toe-  
passing  
van  
Wet.

**11bis.** Die bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing nie op 'n wapen wat nie op of voor die datum van inwerkingtreding van die Heraldiekwet, 1962, in die register ingeskryf is nie.”.

Toepassing op  
die gebied.

**27.** Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook op die gebied van toepassing.

Kort titel en  
datum van  
inwerkingtreding.

**28.** Hierdie Wet heet die Heraldiekwet, 1962, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

- (a) shall not be deemed to be divested of any of the powers thus delegated by him; and
- (b) may cancel or amend any decision taken or any action performed by the state herald in accordance with any powers thus delegated.

(2) All matters bearing on registration in terms of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935, as carried out by any Department prior to the passing of the Heraldry Act, 1962, shall be deemed to have been lawfully carried out.”;

and

(f) by the insertion after section *eleven* of the following section:

“Appli-      11bis. The provisions of this Act shall not  
 cation of      apply to any badge not entered in the register  
 Act.            on or before the date of commencement of  
                   the Heraldry Act, 1962.”.

27. This Act and any amendment thereof shall also apply to the territory. Application to the territory.

28. This Act shall be called the Heraldry Act, 1962, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. Short title and date of commencement.

# WET

## Tot wysiging van die Wet op Nasionale Paaie, 1935, en die Wet op die Koördinerings van Vervoer, 1948.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 7 Maart 1962.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 42 van 1935, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 22 van 1944 en artikel 1 van Wet 51 van 1957.

1. Artikel *een* van die Wet op Nasionale Paaie, 1935 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in die omskrywing van „pad” na die woorde „en ook” die woorde „enige stuk grond verkry ten einde ’n aansluiting tussen so ’n pad en enige ander pad daar te stel, en” in te voeg.

Invoeging van artikel 4bis in Wet 42 van 1935.

2. Die volgende artikel word hierby na artikel *vier* van die Hoofwet ingevoeg:

„Verkryging van sekere resterende grond. **4bis.** (1) ’n Administrateur moet op versoek van die raad enige resterende gedeelte van enige stuk grond wat ontnem is vir doeleindes van ’n verklaarde pad, verkry deur ooreenkoms, of by gebreke daaraan, deur ontneming.

(2) As ’n Administrateur kragtens die bepaling van sub-artikel (1) enige resterende gedeelte grond verkry—

(a) deur ooreenkoms, word enige uitgawe in verband met die verkryging van die grond aangegaan deur die Administrateur met die goedkeuring van die raad, uit die fonds bestry; of

(b) deur ontneming, is die bepaling van sub-artikels (3), (4) en (5) van artikel *vier mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot sodanige grond,

en is die bepaling van sub-artikels (3) en (5) van artikel *vyf* van toepassing met betrekking tot sodanige grond.”.

Wysiging van artikel 9 van Wet 42 van 1935, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 44 van 1948.

3. Artikel *nege* van die Hoofwet word hierby gewysig deur na sub-artikel (1) die volgende sub-artikel in te voeg:

„(1)*bis* Vanaf die eerste dag van April 1962 kan die raad die in sub-artikel (1) bedoelde lenings aflos in die paaie-mente waarop tussen die Minister en die Minister van Finansies ooreengekom word.”.

Wysiging van artikel 10 van Wet 42 van 1935, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 51 van 1957.

4. Artikel *tien* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in paragraaf (a) van sub-artikel (1) na die woorde „plaaslike bestuur”, waar daardie woorde die tweede keer voorkom, die woorde „of die koste of ’n deel van die koste aangegaan deur ’n Administrateur of deur so ’n afdelingsraad in verband met enige pad wat nodig word ten gevolge van die aanleg, vernuwing, herstel of instandhouding van enige sodanige nasionale pad” in te voeg;

(b) deur in paragraaf (b) van sub-artikel (1) na die woorde „verklaar is” die woorde „of die koste of ’n deel van die koste aangegaan deur ’n Administrateur of deur so ’n afdelingsraad in verband met enige pad wat nodig word ten gevolge van die aanleg, vernuwing of herstel van so ’n provinsiale pad of spesiale pad” in te voeg; en

(c) deur na paragraaf (b) van sub-artikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„(c) die koste of ’n deel van die koste aangegaan deur ’n Administrateur of deur ’n afdelingsraad in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop in verband met ’n ondersoek of ’n opmeting of ’n ondersoek en ’n opmeting deur die raad versoek van ’n roete met die oogmerk om dit tot ’n nasionale pad, provinsiale pad of spesiale pad te proklameer, as die werk in verband met sodanige ondersoek of opmeting tot bevrediging van die raad uitgevoer word of is.”

# ACT

## To amend the National Roads Act, 1935, and the Transport (Co-ordination) Act, 1948.

(English text signed by the State President.)  
(Assented to 7th March, 1962.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section *one* of the National Roads Act, 1935 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion in the definition of "road" after the word "includes" of the words "any area of land acquired for the purpose of establishing a junction between such road and any other road, and". Amendment of section 1 of Act 42 of 1935, as amended by section 2 of Act 22 of 1944 and section 1 of Act 51 of 1957.
  
2. The following section is hereby inserted after section *four* of the principal Act: Insertion of section 4 *bis* in Act 42 of 1935.

"Acquisition of certain remaining land. *4bis.* (1) An Administrator shall at the request of the board acquire by treaty or, failing that, by appropriation, any remaining extent of any piece of land which has been appropriated for the purposes of a declared road.

(2) If an Administrator under the provisions of sub-section (1) acquires any remaining extent of land—

(a) by treaty, any expenditure in connection with the acquisition of the land incurred by the Administrator with the approval of the board shall be defrayed from the fund; or

(b) by appropriation, the provision of sub-sections (3), (4) and (5) of section *four* shall *mutatis mutandis* apply with reference to such land, and the provisions of sub-sections (3) and (5) of section *five* shall apply with reference to any such land."
  
3. Section *nine* of the principal Act is hereby amended by the insertion after sub-section (1) of the following sub-section: Amendment of section 9 of Act 42 of 1935, as amended by section 1 of Act 44 of 1948.

"(1)*bis* As from the first day of April, 1962, the board may redeem the loans referred to in sub-section (1) in such amounts as may be agreed upon between the Minister and the Minister of Finance."
  
4. Section *ten* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 10 of Act 42 of 1935, as amended by section 4 of Act 51 of 1957.

(a) by the insertion in paragraph (a) of sub-section (1) after the words "local authority", where those words occur for the second time, of the words "or the cost or any part of the cost incurred by an Administrator or by such a divisional council in connection with any road which is rendered necessary in consequence of the construction, reconstruction, repair or maintenance of any such national road";

(b) by the insertion in paragraph (b) of sub-section (1) after the words "section *four*" of the words "or the cost or any part of the cost incurred by an Administrator or by such a divisional council in connection with any road which is rendered necessary in consequence of the construction, reconstruction or repair of any such provincial road or special road"; and

(c) by the insertion after paragraph (b) of sub-section (1) of the following paragraph:

"(c) the cost or any part of the cost incurred by an Administrator or by a divisional council in the Province of the Cape of Good Hope in connection with an investigation or a survey or an investigation and a survey requested by the board of a route with a view to proclaiming it as a national road, provincial road or special road, if the work in connection with such investigation or survey is being or has been carried out to the satisfaction of the board."

Invoeging van artikel 10<sup>ter</sup> in Wet 42 van 1935.

5. Die volgende artikel word hierby na artikel *tien bis* van die Hoofwet ingevoeg:

„Betalings uit fondsen ten opsigte van deurpaaie.

**10<sup>ter</sup>.** (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (2) van artikel *vyf*, kan die raad na goëddunke en op enige voorwaarde wat hy goëdvind om op te lê, die koste of enige deel van die koste deur 'n plaaslike bestuur aangegaan, hetsy voor of na inwerking-treding van die Wysigingswet op Nasionale Paaie en die Koördinering van Vervoer, 1962, in verband met die aanleg van enige deurpad binne die regs-gebied van daardie plaaslike bestuur, uit die fondsen bestry.

(2) As 'n plaaslike bestuur versuim om enige deur die raad kragtens sub-artikel (1) opgelegde voorwaarde na te kom, kan die raad van die betrokke plaaslike bestuur enige kragtens bedoelde sub-artikel verskuldigde betaling weerhou of die geheel of enige deel verhaal van enige betaling kragtens bedoelde sub-artikel gedoen.

(3) By die toepassing van sub-artikel (1) beteken „deurpad” 'n publieke pad waartoe toegang of waaruit uitgang verkry kan word slegs by die punte en op die wyse deur die raad goëdgekeur.”.

Wysiging van artikel 14 van Wet 42 van 1935.

6. Artikel *veertien* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in die eerste voorbehoudsbepaling by paragraaf (a) van sub-artikel (3) die woorde „wat nodig is” deur die woorde „of so 'n aantal brûe oor of duikweë onder bedoelde pad aangelê is as wat na die oordeel van die raad genoegsaam is” te vervang, en na bedoelde voorbehoudsbepaling die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:

„Met dien verstande voorts dat as die raad van oordeel is dat die aantal brûe oor of duikweë onder bedoelde pad genoegsaam is om die okkupeerder van die grond in staat te stel om redelike toegang te verkry tot elkeen van die twee dele waarin die pad die grond verdeel, die raad na goëddunke kan bepaal of die okkupeerder toegang tot bedoelde dele van die grond deur middel van sodanige brûe of duikweë of deur middel van die hekke in die heinings langs bedoelde pad moet verkry;” en

(b) deur in sub-artikel (4) na die woorde „aanleg van 'n” die woorde „oorbrug, duikweg,” in te voeg.

Invoeging van artikel 14<sup>bis</sup> in Wet 42 van 1935.

7. Die volgende artikel word hierby na artikel *veertien* van die Hoofwet ingevoeg:

„Toegang tot of uitgang uit 'n verklaarde pad.

**14<sup>bis</sup>.** (1) Ondanks die bepalings van paragraaf (a) van sub-artikel (3) van artikel *veertien* of van enige ander wet, het niemand sonder die skriftelike magtiging van die raad toegang tot of uitgang uit 'n verklaarde pad nie (in hierdie artikel na verwys as „toegang”).

(2) Die raad kan in enige kragtens sub-artikel (1) verleende magtiging, die aard van die toegang, die plek waar en die wyse waarop dit aangelê moet word en die voorwaardes waaraan die gebruik daarvan onderhewig is, bepaal, en kan van tyd tot tyd enige aldus bepaalde aangeleentheid herroep, intrek, wysig of verander of enige verdere aangeleentheid bepaal.

(3) (a) Die raad kan na oorlegpleging met die betrokke Administrateur, die Administrateur versoek—

(i) om enige bestaande toegang te sluit en (waar die raad dit nodig ag) om 'n ander toegang in die plek daarvan te voorsien; en

(ii) as omstandighede dit vereis, om deur ooreenkoms of, by gebreke daaraan, by ontneming, die grond te verkry wat nodig is ten einde enige persoon wat oor 'n reg van toegang tot of uitgang uit 'n kragtens sub-paragraaf (i) gesluite toegang beskik, in staat te stel om toegang tot of uitgang uit 'n toegang te verkry wat kragtens bedoelde sub-paragraaf voorsien is,

en die Administrateur moet, wanneer aldus versoek, sodanige toegang sluit en sodanige ander toegang voorsien, en sodanige grond deur ooreenkoms of ontneming verkry.

5. The following section is hereby inserted after section *ten bis* of the principal Act: Insertion of section 10ter in Act 42 of 1935.

"Payment from fund in respect of throughways.

10ter. (1) Subject to the provisions of sub-section (2) of section *five*, the board may in its discretion and on any condition which it may deem fit to impose, defray from the fund the cost or any part of the cost incurred either before or after the commencement of the National Roads and Transport (Co-ordination) Amendment Act, 1962, by a local authority in connection with the construction of any throughway within the area of jurisdiction of that local authority.

(2) If a local authority fails to comply with any condition imposed by the board under sub-section (1), the board may withhold any payment due or recover the whole or any part of any payment made under the said sub-section, from the local authority concerned.

(3) For the purposes of sub-section (1) 'throughway' means a public road to which ingress or from which egress may be obtained only at the points and in the manner approved by the board."

6. Section *fourteen* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 14 of Act 42 of 1935.

(a) by the substitution in the first proviso to paragraph (a) of sub-section (3) for the words "as may be necessary" of the words "or such a number of bridges over or subways under the said road have been constructed as are in the opinion of the board adequate", and the insertion after the said proviso of the following proviso:

"Provided further that if the board is of the opinion that the number of bridges over or subways under the said road are adequate to enable the occupier of the land to gain reasonable access to each of the two portions into which the road divides the land, it shall be in the discretion of the board to determine whether the occupier shall have access to the said portions of land by means of such bridges or subways or by means of the gates in the fences along the said road;"; and

(b) by the insertion in sub-section (4) after the words "constructing any" of the words "overhead bridge, subway,".

7. The following section is hereby inserted after section *fourteen* of the principal Act: Insertion of section 14bis in Act 42 of 1935.

"Ingress to or egress from a declared road.

14bis. (1) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) of sub-section (3) of section *fourteen* or of any other law, no person shall without the written authority of the board have ingress to or egress from any declared road (in this section referred to as 'access').

(2) The board may in any authority granted under sub-section (1), specify the nature of the access, the place where and the manner in which it shall be constructed and the conditions to which the use thereof shall be subject, and may from time to time rescind, revoke, amend or vary any matter so specified or specify any further matter.

(3) (a) The board may after consultation with the Administrator concerned, require the Administrator—

(i) to close any existing access and (where the board considers it necessary), to provide another access in the stead thereof; and

(ii) if circumstances so require, to acquire by treaty or, failing that, by appropriation, such land as may be necessary in order to enable any person who has a right of ingress to or egress from an access closed in terms of sub-paragraph (i), to have ingress to or egress from an access provided in terms of the said sub-paragraph, and the Administrator shall, when so required, close such access and provide such other access, and acquire such land by treaty or appropriation

(b) As die Administrateur enige grond kragtens die bepalings van sub-paragraaf (ii) van paragraaf (a) ontnem, word die grond geag ontnem te gewees het vir doeleindes van 'n publieke pad en hoef dit nie as 'n publieke pad geproklameer te word voordat ontneming plaasvind nie.

(4) Die raad moet, met behoorlike inagneming van die bestaan van enige alternatiewe toegang of die voorsiening van 'n ander toegang soos in sub-paragraaf (i) van paragraaf (a) van sub-artikel (3) beoog, enige persoon uit die fonds vergoed vir enige regstreekse verlies gely ten gevolge van die sluiting van enige toegang kragtens bedoelde sub-paragraaf (i).

(5) Waar 'n verklaarde pad op so 'n wyse deur 'n stuk grond loop dat die grond in dele verdeel word en daar op een of meer plekke in die heining langs daardie pad toegang tot elke sodanige deel verleen word, kan die raad, indien na sy oordeel enige brug oor of duikweg onder sodanige pad die okkupeerder van die grond van genoegsame toegang tot elkeen van bedoelde dele voorsien, na oorlegging met die betrokke Administrateur, die Administrateur versoek om elke eersbedoelde toegang te sluit, en die Administrateur moet daarop elke sodanige toegang sluit.

(6) Die koste om 'n in sub-paragraaf (i) van paragraaf (a) van sub-artikel (3) beoogde toegang te sluit of aan te lê en die koste van oprigting van 'n in sub-artikel (5) beoogde brug of duikweg of sluiting van 'n in daardie sub-artikel bedoelde toegang, word vir doeleindes van hierdie Wet geag deel uit te maak van die koste van die aanleg van die betrokke pad.

(7) Die koste aangegaan deur 'n Administrateur met die verkryging van enige grond by ooreenkoms of ontneming kragtens sub-paragraaf (ii) van paragraaf (a) van sub-artikel (3), word uit die fonds bestry.

(8) Enige toegang tot of uitgang uit 'n verklaarde pad deur middel van 'n hek, brug, trap of ander oor- of deurgang wat ingevolge sub-artikel (1) van artikel *tien* van die Wet op Adverteer Langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet No. 21 van 1940), deur die raad gemagtig is, of enige vereiste of voorwaarde wat ingevolge sub-artikel (2) van daardie artikel in verband met so 'n magtiging voorgeskryf of opgelê is, voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Adverteer Langs en Toebou van Paaie, 1962, word geag 'n toegang te wees wat ingevolge sub-artikel (1) van hierdie artikel gemagtig is, of, na gelang van die geval, ingevolge sub-artikel (2) daarvan voorgeskryf of opgelê te wees.

(9) Die bepalings van sub-artikel (1) raak nie 'n reg van toegang wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Nasionale Paaie en die Koördinering van Vervoer, 1962, bestaan het nie, mits so 'n reg nie gebruik word vir 'n doel waarvoor dit nie onmiddellik voor die inwerkingtreding van daardie Wet gebruik was nie.

(10) Iemand wat die bepalings van sub-artikel (1) oortree of wat versuim om aan enige kragtens sub-artikel (2) bepaalde aangeleentheid te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of, by wanbetaling van die boete, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande."

Wysiging van artikel 15*bis* van Wet 42 van 1935, soos ingevoeg deur artikel 9 van Wet 22 van 1944.

8. Artikel *vyftien bis* van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur in sub-artikel (1) na die woord „Amptenaar” die woorde „of gemagtigde agent of verteenwoordiger” in te voeg; en
- (b) deur in sub-artikel (2) na die woord „amptenaar” die woorde „of gemagtigde agent of verteenwoordiger van die raad” in te voeg.

Invoeging van artikel 15*ter* in Wet 42 van 1935.

9. Die volgende artikel word hierby na artikel *vyftien bis* van die Hoofwet ingevoeg:
- „Handel op verklaarde paaie. 15*ter*. (1) Niemand mag buite 'n stadsgebied soos omskryf in sub-artikel (7) van artikel *vier* op 'n verklaarde pad enige handel dryf of goedere van enige aard verkoop of vir verkoop hou, uitstal of aanbied nie.

(b) If the Administrator appropriates any land under the provisions of sub-paragraph (ii) of paragraph (a), the land shall be deemed to have been appropriated for the purposes of a public road and need not be proclaimed as a public road before appropriation takes place.

(4) The board shall, with due regard to the existence of any alternative access or the provision of another access as is contemplated in sub-paragraph (i) of paragraph (a) of sub-section (3), compensate out of the fund any person for any direct loss suffered in consequence of the closing of any access under the said sub-paragraph (i).

(5) Where a declared road passes through any piece of land in such a manner that the land is divided into portions and access to each such portion is provided at one or more points in the fence alongside such road, the board may, if in its opinion any bridge over or subway under such road provides the occupier of the land with adequate access to each of the said portions, after consultation with the Administrator concerned, require the Administrator to close every such first-mentioned access, and the Administrator shall thereupon close every such access.

(6) The cost of closing or of constructing any access contemplated in sub-paragraph (i) of paragraph (a) of sub-section (3) and the cost of constructing any bridge or subway or closing any access contemplated in sub-section (5), shall for the purposes of this Act be deemed to form part of the cost of the construction of the road in question.

(7) The cost incurred by an Administrator in acquiring any land by treaty or appropriation under sub-paragraph (ii) of paragraph (a) of sub-section (3), shall be defrayed from the fund.

(8) Any access to or exit from a declared road by means of a gate, bridge, stile or other passage authorized by the board in terms of sub-section (1) of section *ten* of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (Act No. 21 of 1940), or any requirement prescribed or condition imposed in connection with such authorization in terms of sub-section (2) of the said section, prior to the commencement of the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1962, shall be deemed to be an access authorized in terms of sub-section (1) or, as the case may be, to have been prescribed or imposed in terms of sub-section (2) of this section.

(9) The provisions of sub-section (1) shall not affect any right of access which existed immediately prior to the commencement of the National Roads and Transport (Co-ordination) Amendment Act, 1962, provided such right is not used for a purpose for which it was not being used immediately prior to the commencement of that Act.

(10) Any person who contravenes the provisions of sub-section (1) or who fails to comply with any matter specified under sub-section (2), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or, in default of payment of the fine, to imprisonment for a period not exceeding six months."

8. Section *fifteen bis* of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the insertion in sub-section (1) after the word "officer" of the words "or authorized agent or representative"; and
  - (b) by the insertion in sub-section (2) after the word "officer" of the words "or authorized agent or representative of the board".

Amendment of section *15bis* of Act 42 of 1935, as inserted by section 9 of Act 22 of 1944.

9. The following section is hereby inserted after section *fifteen bis* of the principal Act:
- 15ter.** (1) No person shall outside an urban area as defined in sub-section (7) of section *four* on a declared road carry on any trade or sell or keep, expose or offer for sale any goods of any nature.

Insertion of section *15 ter* in Act 42 of 1935.

"Trading on declared roads.

(2) Iemand wat die bepalings van sub-artikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of, by wanbetaling van die boete, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande."

Wysiging van artikel 9 van Wet 44 van 1948.

10. Artikel *nege* van die Wet op die Koördinering van Vervoer, 1948, word hierby gewysig deur na sub-paragraaf (*e*) van paragraaf (*i*) die volgende sub-paragraawe in te voeg:

„(*e*)*bis* om op las van die Minister na oorlegpleging met die betrokke Administrateur, die basiese beplanning te onderneem van 'n pad kragtens paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) van artikel *vier* van die Wet op Nasionale Paaie, 1935, tot 'n nasionale pad verklaar;

(*e*)*ter* om op versoek van die betrokke Administrateur, die basiese beplanning te onderneem van 'n pad kragtens paragraaf (*c*) van sub-artikel (1) van artikel *vier* van die Wet op Nasionale Paaie, 1935, tot 'n spesiale pad verklaar."

Kort titel.

11. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Paaie en die Koördinering van Vervoer, 1962.

(2) Any person who contravenes the provisions of sub-section (1), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or, in default of payment of the fine, to imprisonment for a period not exceeding six months.”

10. Section *nine* of the Transport (Co-ordination) Act, 1948, is hereby amended by the insertion after sub-paragraph (e) of paragraph (i) of the following sub-paragraphs: Amendment of section 9 of Act 44 of 1948.

“(e)*bis* to undertake, by direction of the Minister after consultation with the Administrator concerned, the basic planning of a road declared a national road in terms of paragraph (a) of sub-section (1) of section *four* of the National Roads Act, 1935;

(e)*ter* to undertake at the request of the Administrator concerned, the basic planning of a road declared a special road in terms of paragraph (c) of sub-section (1) of section *four* of the National Roads Act, 1935.”.

11. This Act shall be called the National Roads and Transport (Co-ordination) Amendment Act, 1962. **Short title.**

No. 20, 1962.]

**WET**

**Tot aanwending van 'n verdere som van hoogstens sesmiljoen agthonderd en vyftigduisend vyfhonderd twee-en-vyftig rand uit die Spoorweg- en Hawefonds vir die dienste van die spoorweë en hawens vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1962 eindig; tot wysiging van Wet No. 21 van 1961, en om vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 7 Maart 1962.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Spoorweg- en  
Hawefonds belas  
met R6,850,552.

1. Die Spoorweg- en Hawefonds word hiermee belas met sodanige somme geld as wat nodig mag wees vir die dienste van die spoorweë en hawens van die Republiek gedurende die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1962 eindig, maar gesamentlik ten bedrae van hoogstens viermiljoen driehonderd drie-en-dertigduisend vyfhonderd twee-en-vyftig rand vir inkomstedienste en tweemiljoen vyfhonderd en sewentien-duisend rand vir kapitaal- en verbeteringsdienste bo en behalwe die bedrae waarvoor voorsiening gemaak is deur die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 21 van 1961), en die Tweede Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 63 van 1961).

Hoe die gelde  
bestee moet word.

2. Die gelde deur hierdie Wet beskikbaar gestel moet aangewend word vir die doeleindes vermeld in die Eerste en Tweede Bylaes by hierdie Wet en nader omskrywe in die Tweede Begroting van Addisionele Uitgawe [R.P. 3—1962 en R.P. 4—1962] vir die genoemde jaar soos deur die Parlement goedgekeur.

Bron waaruit  
gelde deur  
Wet 63 van  
1961 beskikbaar  
gestel vir kapitaal-  
en verbeterings-  
dienste, verskaf  
moet word.

3. Artikel vier van die Tweede Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 63 van 1961), word uitgelê asof dit vereis het dat die gelde wat deur daardie Wet vir kapitaal- en verbeteringsdienste beskikbaar gestel is, verskaf moet word uit besparings onder Hoof No. 2 (a) van die Tweede Bylae by die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 21 van 1961), soos deur artikel sewe van hierdie Wet vervang.

Minister kan af-  
wykings magtig.

4. (1) Met die goedkeuring van die Minister van Vervoer kan 'n besparing op een of ander van die hoofde aangetoon in kolom 1 van die Eerste Bylae by hierdie Wet beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op 'n ander hoof wat voorkom in kolom 1 van die Eerste Bylae by die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 21 van 1961), of in kolom 1 van die Eerste Bylae by die Tweede Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 63 van 1961), en insgelyks kan 'n besparing op een of ander van die hoofde aangetoon in kolom 1 van die Tweede Bylae by hierdie Wet beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op 'n ander hoof wat voorkom in kolom 1 van die Tweede Bylae by die een of die ander van genoemde Wette.

(2) Geen bedrag wat voorkom in kolom 2 van die Eerste of die Tweede Bylae by hierdie Wet mag oorskry word nie, en besparings daarop mag vir geen ander doel as dié waarvoor die geld hiermee beskikbaar gestel word, soos aangetoon in daardie Bylaes, aangewend word nie.

Bronne waaruit  
beskikbaargestelde  
gelde verskaf sal  
word.

5. Die gelde wat deur hierdie Wet vir kapitaal- en verbeteringsdienste beskikbaar gestel word, moet uit dié in die Derde Bylae by hierdie Wet vermelde bronne verskaf word.

Wysiging van  
artikel 3 van  
Wet 21 van 1961.

6. (1) Artikel drie van die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 21 van 1961), word hierby gewysig deur die uitdrukking „2 tot en met 8” te vervang deur die uitdrukking „2 (a) en 3 tot en met 8”.

(2) Sub-artikel (1) word geag op die dertigste dag van Maart 1961 in werking te getree het.

Vervanging van  
Tweede Bylae  
by Wet 21 van  
1961.

7. (1) Die Tweede Bylae by die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1961 (Wet No. 21 van 1961), word hierby deur die volgende Bylae vervang:

No. 20, 1962.]

# ACT

To apply a further sum not exceeding six million eight hundred and fifty thousand five hundred and fifty-two rand from the Railway and Harbour Fund for the services of the railways and harbours for the year ending the thirty-first day of March, 1962; to amend Act No. 21 of 1961, and to provide for other incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)  
(Assented to 7th March, 1962.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. The Railway and Harbour Fund is hereby charged with such sums of money as may be required for the services of the railways and harbours of the Republic for the year ending the thirty-first day of March, 1962, not exceeding in the whole for revenue services the sum of four million three hundred and thirty-three thousand five hundred and fifty-two rand and for capital and betterment services the sum of two million five hundred and seventeen thousand rand in addition to the sums provided by the Railways and Harbours Appropriation Act, 1961 (Act No. 21 of 1961), and the Railways and Harbours Second Additional Appropriation Act, 1961 (Act No. 63 of 1961).

Railway and Harbour Fund charged with R6,850,552.

2. The moneys appropriated by this Act shall be applied to the purposes set forth in the First and Second Schedules hereto and more particularly specified in the Second Estimates of Additional Expenditure [R.P. 3—1962 and R.P. 4—1962] for the said year as approved by Parliament.

How moneys to be applied.

3. Section *four* of the Railways and Harbours Second Additional Appropriation Act, 1961 (Act No. 63 of 1961), shall be construed as if it required the moneys appropriated by that Act for capital and betterment services to be provided from savings under Head No. 2 (*a*) of the Second Schedule to the Railways and Harbours Appropriation Act, 1961 (Act No. 21 of 1961), as substituted by section *seven* of this Act.

Source from which moneys appropriated by Act 63 of 1961 for capital and betterment services to be provided.

4. (1) With the approval of the Minister of Transport a saving on any of the heads set out in column 1 of the First Schedule to this Act may be made available for any excess of expenditure on any other head appearing in column 1 of the First Schedule to the Railways and Harbours Appropriation Act, 1961 (Act No. 21 of 1961), or in column 1 of the First Schedule to the Railways and Harbours Second Additional Appropriation Act, 1961 (Act No. 63 of 1961), and similarly a saving on any one of the heads set out in column 1 of the Second Schedule to this Act may be made available for any excess of expenditure on any other head appearing in column 1 of the Second Schedule to either of the said Acts.

Minister may authorize variations.

(2) No excess shall be incurred on any sum appearing in column 2 of either the First or the Second Schedule to this Act, and savings thereon shall not be available for any purpose other than that for which the money is hereby appropriated as indicated in those Schedules.

5. The moneys appropriated by this Act for capital and betterment services shall be provided from the sources set out in the Third Schedule to this Act.

Sources from which moneys appropriated will be provided.

6. (1) Section *three* of the Railways and Harbours Appropriation Act, 1961 (Act No. 21 of 1961), is hereby amended by the substitution, for the expression "2 to 8", of the expression "2 (*a*) and 3 to 8".

Amendment of section 3 of Act 21 of 1961.

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the thirtieth day of March, 1961.

